

# Kriteria vir die vertaling van Afrikaanse fiksie: 'n uitgewersperspektief

Samantha Miller

---

Samantha Miller, Departement Inligtingkunde, Universiteit van Pretoria

---

## *Opsomming*

Uitgewerye se doel is om waarde toe te voeg tot skrywers se manuskripte, hierdie manuskripte te verpak in boekformaat en hierdie boeke beskikbaar te stel aan 'n spesifieke teikenmark teen die regte verkoopprijs. Alhoewel uitgewerye ook sosiale doelwitte het, is uitgewerye besigheidsentiteite wat markuitbreiding en standhoudendheid belangrik ag. Vernuwende besigheidsmodelle en strategieë is dus nodig.

Afrikaans word beskou as 'n minderheidstaal, aangesien hierdie taal deur minder as 50% van die bevolking van Suid-Afrika gepraat word (Grenoble en Singerman 2014). Die boekleser- en -kopersmark in hierdie taal is beperk en Afrikaanse uitgewerye ervaar daarom spesifieke uitdagings. Die verkoop van Afrikaanse vertaalregte aan internasionale uitgewersmarkte wat soortgelyke behoeftes met betrekking tot kulturele verbruik en leeskuiltoon, is 'n strategie om publiserings in Afrikaans te handhaaf, markuitbreiding vir die skrywers se boeke te bewerkstellig en blootstelling vir Afrikaanse fiksie te fasiliteer. Maar hierdie doelwitte is nie altyd haalbaar wanneer die oneweredige vloei en verspreiding van mag en hulpbronne tussen perifere, semiperifere en sentrale tale, asook tussen ontwikkelende en ontwikkelde lande, binne 'n globale literêre polistelsiem oorweeg word nie (Even-Zohar 1979; Casanova 2010; Van Es en Heilbron 2015). Te midde van hierdie globale uitdagings kom minderheidstaalpubliserings voor verdere unieke uitdagings te staan. In Suid-Afrika is dit noodsaaklik dat Afrikaanse fiksie aan spesifieke kriteria moet voldoen om vir vertaling oorweeg te word deur 'n internasionale uitgewery. Sodoende kan Afrikaanse boeke se reikwydte vergroot word.

Hierdie artikel poog om te bepaal wat hierdie kriteria is en is losweg gebaseer op die magisterstudie "Selling translation rights in trade publishing: case studies of Dutch translations of Afrikaans fiction in The Netherlands and Belgium" (Buitendach-Miller 2018). Hierdie studie sluit 'n omvattende literatuurstudie in wat, onder andere, die geskiedenis van Afrikaans, die

Suid-Afrikaanse uitgewersbedryf en vertaalstrategieë bespreek. Afrikaans is volgens beginsels van die polisisteamteorie geïmplementeer as perifere taal binne die globale literêre sisteem. Deur middel van semigestruktureerde onderhoude met 'n vertaler, uitgewers en literêre agente in die Suid-Afrikaanse en Nederlandse uitgewersbedryf, sowel as gevallestudies van vertaalde Afrikaanse populêre fiksieskrywers, naamlik Deon Meyer en Irma Joubert, is 'n generiese lys kriteria vir die vertaling van Afrikaanse fiksie geformuleer.

Bevindinge toon dat persoonlike besigheidsverhoudings met internasionale uitgewers, die profiel en oeuvre van die skrywer, unieke verkoopwaarde van die betrokke boek en die tydgees waarin die boek gepubliseer is, van belang is. Bestaande vertalings, plaaslike verkope en posisioneringstrategieë speel ook 'n belangrike rol. Verder toon die navorsingsresultate dat selfs debuutskrywers neweregte met geen gevestigde publikasielys nie, suksesvol kan verkoop wanneer aktuele temas, kontroversie of toekennings op die spel is. Elke boek word dus binne konteks van die betrokke uitgewery (plaaslik en internasionaal), sowel as die tydgees en die genre oorweeg wanneer besluite oor vertalings geneem word.

Hierdie artikel bespreek die voorgestelde kriteria wat met die vertaling van Afrikaanse fiksie oorweeg kan word wanneer titels vir die verkoop van vertaalregte aan internasionale uitgewerye voorgelê gaan word.

**Trefwoorde:** Afrikaanse fiksie; algemene uitgewersbedryf; Nederlandse literatuur; polisisteam; vertaalregte

### *Abstract*

#### **Criteria for the translation of Afrikaans fiction: the perspective of a publisher**

Publishers are responsible for adding value to manuscripts and packaging these books in the right format, at the right time, at the right selling price, and making them available to specific target markets. Publishers have both social objectives and business objectives. Whereas publishers aim to inspire, influence, educate and provide readers with quality content in the form of either hard copy or digital copies, they are also businesses and therefore need to ensure sustainability through market extension and growth. Minority language publishers publish books for specific language markets that not only fulfil their language needs, but also resonate with their cultural identity. Although minority language publishers are addressing their social objective via minority publishing, the market for these language groups are rarely desirable in terms of market size. Afrikaans is regarded as a minority language in terms of per capita speakers, with only a total number of 12,2% Afrikaans home language speakers. Competition between local Afrikaans publishers is also high as a consequence, especially considering monopolies active in the country.

With regard to Afrikaans publishing specifically, a unique set of additional challenges exists. In South Africa a total of 8,1% people speak English as a home language, while the rest of the population may also speak English as a second or third language (Statista 2018). The rest of the population is divided between indigenous African languages. It is also reported that South Africa does not have a strong book buying and reading culture due to specific historical and political factors which affect a large part of the indigenous language-speaking population, and consequently the book reading market (Le Roux, Tshuma and Harvett 2023; National Book

Reading Barometer South Africa 2023). Currently trade books are published mainly in English and Afrikaans for an elite few who fall within the higher living standards demographic with discretionary income that enables them to afford luxury goods like books.

Considering these statistics and challenges, it is argued that in order to expand the market for Afrikaans trade books, a buying market outside of a country's borders needs to be explored. It is suggested that not only translation rights, but also other subsidiary rights to these books need to be sold to a specific country that has similar needs in terms of cultural consumption. Subsidiary rights are any rights that are not included in the head contract between the author and the publisher (primary rights), like audio book rights, merchandising rights, etc., and may be exploited by the publisher, literary agent or author, depending on who owns the subsidiary rights (Owen 2014). Because Afrikaans has developed from various European languages, one being Dutch, and adding Dutch colonialism to South Africa and the development/history of the Afrikaans language, cultural ties and business relationships with both the Netherlands and Belgium are obvious.

However, the power imbalances between First World and Third World countries are also an important factor when the flow of information and products between countries is considered. It is argued that countries with a higher status will occupy a more central and powerful position on the global polysystem, whereas a Third World country like South Africa, which lacks resources and status, occupies a peripheral position on the global polysystem. This is also where the polysystem theory regarding power imbalances of not only the statuses of countries, but also languages, applies, where languages can be regarded as peripheral, semi-central or central (Even-Zohar 1979; Casanova 2010; Van Es and Heilbron 2015). It is argued that within the global polysystem of languages, a "continuous state of tension between the centre and the periphery [exists], in which different literary genres [or a country's cultural capital] all vie for domination of the centre" (Khalid and Baker 1998:177). Various languages compete for the central position that the "hyper central" language English occupies. Sources argue that translating books into a more central language could influence the source language's movement and position in the global polysystem (Casanova 2013).

Acknowledging the background and context of Afrikaans, and the challenges of minority language publishing, this article poses the question as to what criteria an Afrikaans book should fulfil to be considered for translation by an international publisher in order ultimately to increase readership, market reach and status on the global literary system. This article stems from a master's study conducted in 2018, "Selling translation rights in trade publishing: case studies of Dutch translations of Afrikaans fiction in the Netherlands and Belgium" (Buitendach-Miller 2018), which also covers political, economic, social and technological factors influencing the publication of trade books in Afrikaans. This article focuses on the specific criteria.

This study is qualitative and exploratory and uses both primary and secondary research methods. The polysystem theory is used as a theoretical framework, and a comprehensive literature review was constructed. Furthermore, semi-structured interviews with translators, a literary agent and international (Dutch and Flemish) and local publishers were conducted. Two case studies of the translated Afrikaans authors Deon Meyer and Irma Joubert were also used to formulate the list of criteria for Afrikaans books to be considered for translation. Both these authors publish originally in Afrikaans and are considered bestsellers in their home country and internationally.

A generic list of criteria was formulated based on the results of the research conducted. The list is not conclusive, and all books do not necessarily fulfil all the criteria. It is evident that personal relationships with international role players in the publishing industry, and an author's oeuvre and profile, unique selling proposition and seasonality/timing of the book are important considerations. Previous translations, sales record and positioning strategy are also included in the list of criteria. Lastly, research proves that even debut authors are considered for translations, based on controversiality of themes, unique writing style or awards received. A team consisting of a knowledgeable publisher, quality author and literary agent (in some instances) are crucial to success.

This article therefore discusses the proposed criteria and emphasises that the list may be used as a guideline where translations of minority titles are considered. This article also offers a publishing perspective, where business objectives are considered. It is, however, still important that publishers use their own discretion, as they know their markets best. A country's specific political, economic, social, cultural and technological context should also be considered in conjunction with the proposed list of criteria.

**Keywords:** Afrikaans fiction; trade publishing; Dutch literature; polysystem theory; translation rights

## 1. Inleiding

Wanneer kan 'n Afrikaanse boek in aanmerking vir vertaling kom? Wat veroorsaak dat sommige Afrikaanse boeke suksesvol in Europese tale vertaal word en ander boeke nie? Alle gepubliseerde Afrikaanse boeke kan sekerlik nie in Spaans, Duits of Frans verskyn nie. Hierdie vrae moet gesien word teen die onweerlegbare feit dat uitgewerye winsgedrewe is en inkomste deur die produksie, verspreiding en verbruik van boeke (McCracken 1998:22, geparafraseer) genereer. Uitgewerye moet poog om 'n verskeidenheid boeke aan lesers te bied, by te dra tot die ekonomie deur middel van werkskepping, en skrywersdrome te bewaarheid.

Publikasiebesluite word altyd noukeurig oorweeg. Wanneer vertaling van internasionale titels ter sprake is, word die taal waarin vertaal word, die land se kulturele samestelling, die boekkoop- en leeskultuur sowel as verskeie ander oorkoepelende makrofaktore in ag geneem. Met betrekking tot individuele titels oorweeg internasionale uitgewers onder andere 'n skrywer se profiel, plaaslike verkope, beskikbare vertalings en literêre pryse of toekennings (Buitendach-Miller 2018).

Die doel van vertaling is egter nie net winsgeoriënteerd nie. Vertaling fasiliteer ook kulturele en ideologiese uitruiling tussen lande en taalgroepe.

This sharing of literature may be viewed as a cultural exchange, thus enriching the one culture but also preserving another culture (in the source language); [...] translation of literature, [...] is the most privileged form of intercultural dialogue, [...] it is through their written tradition that cultures preserve their capital. (De Haan en Hofstede 2008)

Afrikaanse boeke het 'n beperkte lesersgehoor en is nie toeganklik vir die meeste internasionale uitgewers nie. Die inhoud is moontlik te kultureel spesifiek, byvoorbeeld verwysings na boere-tradisies, woord- of idioomgebruik, ens. Boonop kompeteer die Suid-Afrikaanse uitgewers-bedryf met ingevoerde Europese en Amerikaanse Engelse topverkopers, wat weer hulle mark-aandeel in die plaaslike mark verminder. Vertaling word beskou as 'n strategie om addisionele

inkomste vir die skrywer en uitgewery moontlik te maak, blootstelling vir Afrikaanse inhoud globaal te bewerkstellig en bande met die internasionale uitgewersbedryf te versterk.

Hoewel vertaling verskeie geleenthede en uitdagings vir minderheidstaalpublisering bied, is die doelwit van die artikel spesifiek op beoordelingskriteria vir die vertaling van Afrikaanse fiksie gemik. Alhoewel spesifieke vertalingstrategieë betrokke is by die vertaling van fiksie, sal hier eerder aandag gegee word aan makro- en boekspesifieke faktore wat vertalingsbesluite kan beïnvloed. (Sien onderafdeling 6.)

## 2. Navorsingsmetode

Die Afrikaanse uitgewerswese, spesifiek wat fiksie betref, is die fokus van hierdie artikel, aangesien niefiksie dikwels 'n nisfokus het, wat geskiedkundige publikasies en *exposés* van plaaslike belang insluit. Kleiner taalgroepe se impak, trefkrag en hulpbronne is dikwels ook meer beperk. Die artikel is grootliks gebaseer op die magisterstudie “Selling translation rights in trade publishing: case studies of Dutch translations of Afrikaans fiction in The Netherlands and Belgium” (Buitendach-Miller 2018). Hierdie nagraadse ondersoek bevat 'n omvattende literatuurstudie oor die ontwikkeling van die Afrikaanse literatuur; uitdagings en geleenthede in die Suid-Afrikaanse uitgewersbedryf met verwysing na politiese, ekonomiese, sosiale en tegnologiese faktore van die land; vertaling as strategie; die verkoop van vertalingsregte aan Europese skrywers en 'n verduideliking van die polisisteemteorie.

Semigestruktureerde onderhoude met skrywers, literêre agente, 'n vertaler, vertalingsorganisasies en algemene uitgewers, beide plaaslik en internasionaal, is gevoer om data in te samel oor die vertaling van Afrikaanse fiksie. Gevallestudies van die misdaadfiksie- en historieseroman-skrywers Deon Meyer en Irma Joubert is ook ingesluit. Hierdie gevallestudies het gesteun op semigestruktureerde onderhoude met die skrywers, hul agente en uitgewers. Parateksanalises van beide skrywers se oorspronklike titels en vertalings is gedoen om die posisioneringstrategieë van Afrikaanse titels te bepaal. Alle etiese vereistes vir hierdie navorsing is aan voldoen, soos gestipuleer deur die Universiteit van Pretoria. Waar nodig is respondente anoniem gehou, terwyl die skrywers, vertaler en agent toestemming verleen het om regte name in die studie te gebruik.

Beide sekondêre en primêre navorsingsresultate is getrianguleer om kriteria vir die vertaling van Afrikaanse fiksie saam te stel, vrae oor regteverkope te beantwoord en Afrikaanse literatuur se posisie in die globale literêre sisteem te bepaal.

## 3. Die rol van 'n uitgewery

Die National Reading Barometer-verslag (2023) lui dat 63% van Suid-Afrikaanse huishoudings nie 'n enkele fiksie- of niefiksieboek besit nie. Alhoewel 87% van Suid-Afrikaanse huishoudings leesmateriaal soos religieuse tekste, koerante, tydskrifte, woordeboeke en akademiese handboeke besit, besit slegs 37% fiksie- en (ander) niefiksieboeke. Die Afrikaanse en Engelse boekkoopkultuur is ook sterker as die Afrikataal-boekkoopkultuur. Teenoor 78% respondente wat aangedui het dat hulle ten minste een boek tuis het, het slegs 68% Afrikataal-huishoudings (alle Afrikatale in ag geneem) slegs een boek tuis gerapporteer.

Verder bevestig die Publishers Association of South Africa (PASA) se uitgewerstatistiek dat daar groei was in die algemene Afrikaanse boeksektor gedurende 2021–2022 en dat die algemene uitgewersektor gedomineer word deur Afrikaanse en Engelse boekverkope en -produksie (Le Roux, Tshuma en Harvett 2023).

Die verantwoordelikhede van uitgewerye sluit in redigering, uitleg en ontwerp, druk, bemarking, verkope en die verspreiding van boeke aan 'n teikengehoor. Uitgewerye kan in verskillende sektore – opvoedkundig, akademies en algemeen, genres, ouderdomsgroepe, geografiese gebiede en tale – spesialiseer. Dit hang af van hul visie, missie en redaksionele beleid. As besigheidsentiteite bedink uitgewerye gedurig nuwe strategieë soos marktendense verander. 'n Deel van Afrikaanse uitgewerye se verantwoordelikheid is ook om boeke te publiseer in dié spesifieke minderheidstaal sodat skryf en publikasie, sowel as lees in hierdie taal bewaar word en uitgewerye se sosiale doelwitte bereik word.

By die vertaling van fiksie is daar verskeie oorwegings, waarvan die belangrikste kostes is. Die uitgewerswese word hoofsaaklik deur uitgewerspesifieke kostes soos oorsprong- en ontwikkelingskoste van 'n manuskrip gelei. Wanneer vertaling oorweeg word, is woordtelling en redigeringskoste van manuskripte veral van belang. Vertaling kan in sommige gevalle duur wees, veral in die geval van minderheidstale met beperkte vaardige vertalers en taalkundiges.

In 2017 is die PEN Afrikaans Vertaalfonds opgerig. Hierdie instansie verskaf subsidies aan buitelandse uitgewerye wat Afrikaanse boeke wil vertaal. Indien die uitgewery voldoen aan die aansoekvereistes, word die vertaling ten volle gedek. Die beskikbaarheid van 'n vertaalfonds vergemaklik die vertaling van Afrikaanse fiksie en is 'n groot aanwinst vir die Afrikaanse uitgewerswese. Sedert die ontstaan van Die PEN Afrikaans Vertaalfonds is daar tot 2021 'n totaal van 22 Afrikaanse titels na verskeie tale vertaal, onder meer vertaling na Arabies, Kroaties en Nederlands (Wessels 2021). Hierdie lys sluit ook verskeie genres soos populêre fiksie, wetenskapfiksie, niefiksie, literêre tekste en poësie in. Die bewusmaking van Afrikaanse literatuur deur middel van die vertalingsubsidies van die PEN Afrikaans Vertaalfonds dra by tot die doelwit om die Afrikaanse lesersmark deur middel van vertaling buite landsgrense te vergroot.

#### 4. Publisering in 'n minderheidstaal

Minderheidstaalpublisering se afset- en lesersgebiede is beperk tot geografiese gebiede, en is afhanklik van die totale aantal sprekers en lesers. Suid-Afrika is 'n multikulturele en meertalige land, en die taak om algemene boeke in al 11 amptelike landstale te publiseer, is uitdagend. Die dominante spreektaal in Suid-Afrika is die inheemse taal. Zoeloe en Xhosa word onderskeidelik deur 25,3% en 14,8% van die totale bevolking gepraat (Statista 2018). Afrikaans is die derde grootste huistaal met 12,2% sprekers gevolg deur Engelse huistaalsprekers wat slegs 8,1% van die Suid-Afrikaanse bevolking uitmaak (Statista 2018). Suid-Afrikaanse uitgewerye publiseer fiksie en niefiksie hoofsaaklik in Engels en Afrikaans (Le Roux e.a. 2023). Die rede hiervoor lê opgesluit in politieke, historiese en sosiale faktore in die ontwikkeling van Suid-Afrika.

Educational policies of the past, aimed at either mis-education or denying education, along with economic exploitation and poor living conditions for the majority of South Africans has stifled the development of a wide-spread reading culture. (Oliphant 2000)

#### 4.1 Afrikaans in die globale konteks

Volgens Even-Zohar (1979:290) se definisie van die polisisteamteorie, is 'n polisisteam 'n meer-voudige sisteem wat bestaan uit verskillende subsisteme wat gedeeltelik oorvleuel. Die subsisteme funksioneer as een gestruktureerde geheel, maar hulle wisselwerking veroorsaak dikwels wrywing en beweging. Die globale literêre sisteem word ook as 'n polisisteam beskou. Elke land en taal funksioneer binne sy eie kulturele sisteem. Daarbinne word die literêre sisteem aangetref – 'n subsisteam bestaande uit skrywers, boeke, uitgewerye en ander rolspelers. Tale word binne die globale sisteem geposisioneer volgens gebruik, gewildheid en status. Tale kan periferaal of sentraal geleë wees binne hierdie polisisteam. Engels word beskou as die dominante of hiper-sentrale taal en neem die sentrale posisie in (Van Es en Heilbron 2015; De Swaan 2002). Engels beklee die sentrale posisie nie net weens die gewildheid en gebruik van die taal nie, maar ook as gevolg van die aantal vertalings wat na die taal toe gemaak word en meertalige sprekers wat kies om die taal te gebruik (Casanova 2013:380). Ander taalgroepe, soos Frans, Duits en Spaans, neem semisentrale posisies in die globale polisisteam in as gevolg van aantal sprekers en vertalings (Van Es en Heilbron 2015).

Vertalings kan beweging binne die globale polisisteam fasiliteer. Wanneer 'n minderheidstaal, of perifere taal, vertaal word na een van die meer sentrale tale wat 'n hoër status het, word die status van die minderheidstaal ook deur hierdie proses verhoog. Pickford (2011) beweer dat die vloei van vertalings, en die lees van vertalings, 'n aanduiding is van die kulturele en ekonomiese hiërargieë in die globale polisisteam. Die posisionering van die tale word dus nie net bepaal deur die gebruik of status van die taal as sodanig nie, maar lande wat 'n hoër ekonomiese of sosiale status beklee, neem 'n meer sentrale posisie in. Armer of Derde Wêreld-lande beklee 'n perifere posisie. In dié verband word ook verwys na die Globale Suid en Noorde se magstryd met betrekking tot die vloei van inligting en produkte as “exclusively ... from the industrialised nations to the developing nations” (Wafawarowa 2000) of as die kompromie tussen die boekvervaardigers en die Derde Wêreldse boekverbruikers, soos Altbach (1986) daarna verwys (geparafraseer). Die aanname bestaan dat die Suidelike Halfrond minder het om by te dra ten opsigte van navorsing, inligting en boeke. Dit is egter nie noodwendig waar nie, maar dit is duidelik dat die uitgewerye in die Suidelike Halfrond oor die algemeen meer neweregte vir boeke aankoop vanaf Europese lande en uitgewerye. Dit is ook so in die geval van Afrikaanse algemene uitgewerye met betrekking tot fiksie boeke (Buitendach-Miller 2018).

'n Verskeidenheid historiese en sosiale faktore beïnvloed Afrikaans se posisie in die globale polisisteam. Die taal word in baie kontekste nog as die “taal van die onderdrukker” beskou weens apartheid en die Nasionale Party se bewind tydens 1948–1993. Die Afrikaanse taal het onder die apartheidsregering voorkeur geniet, en hierdie stereotipe van Afrikaans as 'n “apartheidstaal” kleef steeds aan die taal (Brink 2010).

#### 5. Vertaling as strategie

In ag genome die plaaslike uitdagings wat die Afrikaanse uitgewerswese as 'n minderheidstaalbedryf beleef, is een van die voorgestelde strategieë die verkoop van vertalingsregte aan lande en taalgroepe buite landsgrense wat 'n soortgelyke kultuur en leesbehoefte deel. Weens Suid-Afrika se historiese en kulturele bande met Nederland, word Nederlandse en Vlaamse uitgewerye beskou as potensiële kulturele besigheidsvennote waar vertaling van boeke

moontlik kan wees. Van Kranenburg Hagedoorn en Cloodt (2001) beweer: “Complementarity is a major driver of partnering behaviour.” Dit kan gesien word in bemarkingsveldtogte en kulturele feeste tussen Nederland en Suid-Afrika, met behulp van organisasies soos Zuid-Afrikahuis en die Suid-Afrikaanse Sentrum vir Nederland en Vlaandere (SASNEV) wat komplementêre bande tussen die lande versterk. ’n Spesifieke boekbemarkingsveldtog, Week van de Afrikaanse roman, het gedurende 2014–2019 verskeie vertaalde Afrikaanse skrywers bemark. Ses vertaalde skrywers is elke jaar genooi en het deelgeneem aan boektoere in Nederland en België. Skrywers soos Marita van der Vyver, Kirby van der Merwe, Simon Bruinders, Irma Joubert, Chanette Paul en Ena Jansen was al deel van hierdie suksesvolle program onder leiding van die vertaler en die redakteur van die publikasie *Maandblad-Zuid-Afrika* (Glorie 2016; Van der Watt 2016; Week van de Afrikaanse roman s.j.). Die Week van de Afrikaanse roman het onder andere boekgesprekke by plaaslike boekwinkels sowel as mediablootstelling deur middel van onderhoude en die publiserings van skrywers se boeke en optredes regoor Nederland en België ingesluit (Week van de Afrikaanse roman s.j.; Glorie 2016). Die Festival voor het Afrikaans is ook ’n kulturele fees wat gereeld plaasvind en verskeie Afrikaanse kultuurvorme ondersteun en bemark (Festival voor het Afrikaans 2023). Hierdie fees bemark ook literatuur. Die 2023-program het optredes deur die Afrikaanse skrywers van Marita van der Vyver, Ronelda Kamfer, Antjie Krog, Adriaan van Dis en Annemarié van Niekerk in Nederland ingesluit (Festival voor het Afrikaans 2023).

Wanneer vergoeding van die verkoop van regte en die verkope van die boeke in die buiteland oorweeg word, kan die verkoop van vertaalregte ekstra inkomste verseker vir plaaslike uitgewerye, veral in die algemene uitgewerysektor en vir die Afrikaanse skrywer (Owen 2014). Margie Orford, ’n vertaalde Suid-Afrikaanse misdaadskrywer, moedig die gebruik van literêre agente aan (in Warnes 2012). Sy is van mening dat die verkoop van regte ’n lesersgehoor kan vergroot, aangesien die Suid-Afrikaanse lesersmark klein is. Met die verkoop van vertaalregte kan die uitgewer of agent so veel soos 30% ontvang, en die skrywer kan 70% tantieme ontvang volgens die vertalingooreenkoms (Owen 2014). Verder versterk die verkoop van vertaalregte die handelsnaam en reputasie van Afrikaanse uitgewerye en Afrikaanse skrywers in die internasionale mark.

Indien ’n buitelandse uitgewery sukses behaal met ’n Afrikaanse boek, is die uitgewery geneë om terug te keer na die Afrikaanse uitgewery vir nuwe projekte en besigheid. In die geval van Irma Joubert se Nederlandse uitgewery, Uitgeverij Mozaïek, is verskeie Afrikaanse skrywers se boeke al vertaal. Dit sluit in: Connie Luyt (*Schaduw over Afrika* en *Regen over de Serengeti*, NB-Uitgewers); Deon Opperman (*Donkerland*, NB-Uitgewers); Brett Michael Innes (*Die verhaal van Racheltjie de Beer* en *Rachel hilde*, Naledi); Simon Bruinders (*Mijn land*, Naledi). Hans du Plessis se titels *Op weg naar Schuilhoek* (2015) en *Als de windt draait* (2016) (LAPA Uitgewers, druknaam van Penguin Random House, Suid-Afrika) is ook al deur hierdie Nederlandse uitgewery vertaal. Besigheidsverhoudings word dus geskep en onderhou, en sodoende word Afrikaanse uitgewerye se netwerk in die internasionale uitgewersbedryf vergroot.

Skrywers word aangemoedig om in hul moedertaal te skryf en nie slegs in Engels nie. Die wanpersepsie bestaan dat Engelse boeke ’n hoër standaard handhaaf, maar Deon Meyer en Irma Joubert skryf steeds al hul boeke in Afrikaans. Meyer se boeke is in ongeveer 28 tale vertaal. Hy skryf voltyds sedert 2009. Plaaslike verkope van sy eerste boek, *Wie met vuur speel* (1994), was 3 591 kopieë. Sy boekverkope het sodanig gegroei dat 30 700 voorafbestellings vir sy boek *7 Dae* in 2011 ontvang is (Malan 2011; Meyer 2015). Meyer se eerste drukoplae van sy titels wissel daarna tussen 10 000 en 40 000 kopieë (NB-Uitgewers 2013). Die South African Booksellers Association (SABA) het in 2017 aangedui dat Deon Meyer die beste verkoper in die misdaad-

fiksiegenre is met verkope van 154 891 kopieë (Die waarde daarvan is R37+ miljoen (Van Wyk 2023). Irma Joubert se boeke is in Engels, Nederlands en Duits vertaal. Plaaslik verkoop haar titels nie minder as 10 000 per titel nie (LAPA Uitgewers 2013; NB-Uitgewers 2013).

Nederlandse vertalings van Joubert se publikasies verkoop gemiddeld 40 000 kopieë jaarliks op die internasionale mark (LAPA Uitgewers 2013; Uitgeverij Mozaïek 2014). Verkoopsyfers kon intussen verander het, maar verkoopsgetalle, soos verkry tot en met 2015 bewys dat beide skrywers topverkoperstatus plaaslik en internasionaal bereik het en steeds gewild is in verskeie internasionale markte.<sup>1</sup>

Bogenoemde skrywers bewys dat Afrikaans as bronteks steeds gebruik kan word vir vertaling en dat verskeie vertalings van Afrikaanse fiksie moontlik is:

[T]here is no reason for authors to feel that the essence of their mother tongue is lost in translation, or that English, to use the initial metaphor, is a trampling giant that obliterates the artistic creation in its path. It should rather be viewed as a door opening up new markets and broadening the circle of acceptance and acknowledgement. (Minter 2013:56)

## 6. Kriteria vir vertaling

Die volgende kriteria vir die vertaling van boeke dui aan waarna uitgewerye kyk wanneer hul besluit of 'n boek geskik is of potensiaal bied vir vertaling. Hierdie kriteria kan oorweeg word vanuit die perspektief van 'n plaaslike Afrikaanse uitgewery wat 'n boek sou wou voorlê vir vertaling, of vanuit die internasionale uitgewer se perspektief wat die Afrikaanse teks wil oorweeg vir vertaling.

Die lys is nie omvattend nie en kan aangepas en verander word soos eksterne faktore verander, en sluit die algemene elemente vir oorweging in. Daarom is alle elemente van die lys nie in alle omstandighede toepaslik nie. Uitgewery moet dit met die nodige diskresie toepas. Die moontlikheid van unieke gevalle of uitsonderings bestaan.

Die lys is 'n maatstaf wat uitgewers kan gebruik om die geskiktheid of potensiaal van 'n titel vir vertaling te oorweeg, met inagneming van die lande (tale) se konteks en eksterne omgewing. Die lys help ook plaaslike uitgewers om uit die staanspoor tydens die werwing van 'n manuskrip bewus te wees van internasionale uitgewers se verwagtinge ten opsigte van geskikte boeke wat vir vertaling oorweeg kan word. Indien die boek voorgelê gaan word vir vertaling, kan die manuskrip en sy elemente aangepas word vir latere gunstige oorweging vir vertaling.

### 6.1 Oorkoepelende faktore: uitgewerye se perspektief

Oorkoepelende faktore moet oorweeg word, soos die uitgewerye se hulpbronne, beskikbare vertalingsfondse, ooreenkomste tussen uitgewerye se redaksionele beleid en die tydgees.

Die plaaslike uitgewery se netwerk van internasionale kontakte, literêre agente en vertalers speel 'n belangrike rol. Suksesvolle internasionale besigheidsverhoudings verg jare se skakeling en interaksie. So ook is marknavorsing oor globale tendense en markbehoefte van verskillende markte noodsaaklik om internasionaal handel te dryf. Die doelwit is uiteindelik om die perfekte

pasmaats te kry vir Afrikaanse skrywers en hulle boeke op die internasionale mark. Indien kwaliteit- Afrikaanse fiksie deur 'n internasionale uitgewer gepubliseer word wat nie die redaksionele beleid van die bronuitgewer deel nie, nie dieselfde kwaliteit nastreef nie of 'n swak bemarking- en verspreidingsinfrastruktuur het, kan hierdie faktore die sukses van die vertaalde boek in die nuwe mark kelder.

Die Nederlandse vertaling van Deon Meyer se *Feniks* het eers by die derde Nederlandse uitgewery, A.W. Bruna, in 2013 sukses behaal met vertalings in Nederland en België. Die eerste uitgewery, Van Buuren, is bankrot verklaar. By die tweede uitgewery, Uitgeverij De Fontein, het hy slegs “matige sukses” behaal (Kuijt 2014). Meyer erken dat die twee Nederlandse uitgewerye moontlik te klein was en nie oor die nodige hulpbronne vir bemarking beskik het om 'n Afrikaanse vertaalde skrywer in Nederland te bemark nie (Meyer 2015).

Die tydgees van publikasies het te doen met politiese, ekonomiese, sosiale en tegnologiese (PEST-) faktore wat gedurende 'n spesifieke tydperk 'n rol speel in die betrokke land of taalgroep wat die lees en koop van die betrokke boek (met sy bepaalde inhoud) positief of negatief kan beïnvloed. Genderkwessies lei tot die publikasie van boeke wat verskeie inklusiewe karakters en storielyne vir verskeie ouderdomsgroepe insluit. 'n Voorbeeld van die geskiktheid van boeke binne 'n betrokke tydgees is *The handmaid's tale*, oorspronklik geskryf deur Margaret Atwood in 1985. Gedurende 2017–2018 is hierdie boek omskep in 'n Netflix-reeks wat uiters gewild is. Die gewildheid van die reeks onder verskeie ouderdomsgroepe het gelei tot herdrukke van die ou uitgawes van die boek en die skep van 'n opvolgboek, *The testaments*, deur dieselfde skrywer (Feldman 2019). Hierdie voorbeeld dui daarop dat tydgees belangrik is vir boeke, en elke boek in die betrokke tydgees globaal en plaaslik oorweeg moet word. Die voorbeeld slaag ook daarin om te bewys dat nie slegs nuwe publikasies in aanmerking kom vir vertaling nie, maar dat boeke beoordeel word volgens die tema, tydgees en eksterne faktore.

'n Plaaslike voorbeeld van goeie tydsberekening is Deon Meyer se boeke. Die demokratiese regering het verskeie uitdagings gebied aan 'n nuwe Suid-Afrika na 1994. Een van die gebeure wat 'n sentrale tema in Meyer se boeke is, is die transformasie van die Suid-Afrikaanse Polisie (SAP) na die Suid-Afrikaanse Polisie Diens (SAPD). Die SAP het hoofsaaklik uit wit mans bestaan. Skielik moes daar plek gemaak word vir verskeie rasse om sodoende meer inklusief en verteenwoordigend te wees in 'n nuwe Suid-Afrika. Meyer se hoofkarakter en protagonis, Bennie Griessel, besin gedurig oor die sosiale en logistieke probleme wat 'n nuwe politieke omgewing vereis. Meyer bring die verlede en hede saam in misdaadverhale en spreek tot 'n sekere sosiale angs van die ou en nuwe Suid-Afrika: “... the dilemma of middle-aged white men caught between traumatic pasts and a future which appears to have little use of them” (Warnes 2012). Dekades na demokrasie spreek Griesel steeds tot verskeie middeljarige mans wat eksistensiel stoei in 'n wêreld waar genderrolle en sosiale strukture uitgedaag word in 'n postdemokratiese Suid-Afrika.

*Seisoenaliteit* verwys na periodes wanneer boekverkope aangemoedig of bemark word, soos gedurende Kersfees en vakansietye. Internasionale uitgewerye sal byvoorbeeld hulle bestaande publikasieprogram raadpleeg om te sien of 'n vertaling binne 'n sekere tydperk val om gereed te wees vir 'n groot boekfees of vakansieseisoen. Internasionale uitgewerye is ook geneig om seisoenale katalogusse saam te stel as deel van hulle bemarkingstrategie. Dit is dus nodig dat plaaslike uitgewerye nie net van die tydgees bewus is nie, maar ook van internasionale uitgewerye se seisoene en boekgeleenthede.

## 6.2 Spesifieke faktore

### 6.2.1 Skrywer se oeuvre

Die skrywer se oeuvre en die aantal boeke wat reeds gepubliseer is, speel 'n rol. Die feit dat die skrywer voorheen boeke gepubliseer het, dui daarop dat die skrywer bekend is met die redigerings- en publiseringsproses, dat 'n lesersgehoor bestaan, dat verkoopsrekords beskikbaar is en dat die plaaslike uitgewer genoeg potensiaal in die skrywer sien om in die publikasie te belê.

'n Bestaande publikasierekord bewys ook dat die skrywer die belofte inhou van nuwe en toekomstige publikasies. Om hierdie rede bekom buitelandse uitgewerye soms die vertaalregte van paar van 'n skrywer se boeke gelyktydig om sodoende 'n volle reeks titels binne 'n tydperk te vertaal en beskikbaar te stel in die nuwe lesersmark. Hierdie benadering kan beskou word as 'n laerisiko- of minimaliseringstrategie, en kan besparing van kostes tot gevolg hê. Hierdie strategie help ook met bemerking. Meer as een titel word gelyktydig in 'n buitelandse mark bekendgestel en titels kan gesamentlik bemark en verkoop word. Soms verskyn die boeke ook as reeks met soortgelyke voorbladontwerpe en styl. So kan 'n handelsmerk vir die skrywer in die buitelandse mark geskep word. Figuur 1 dien as voorbeeld van die gelyktydige vertaling en beskikbaarstelling van Deon Meyer se Nederlandse titels in die Nederlandse mark gedurende 2012–2014.



**Figuur 1. Deon Meyer-titels in Nederlandse vertaling as reeks gepubliseer (2012–2014) (A.W. Bruna s.j.)**

In die gevallestudies is Meyer veral geprys oor sy vermoë om die psigologiese binne 'n sosiale konteks te plaas. Dit dra by tot die skep van bekende clichés in misdaadfiksie (Warnes 2012:987). Joubert, weer, word geloof vir haar gebruik van universele temas van geloof, liefde en die stryd van oorlewing tydens oorloë. Sy verweef geskiedenis in romantiese spanningsknope en gebruik veral boeretradisies in haar boeke. Daar is iets eg Suid-Afrikaans/Afrikaans omtrent hierdie skrywers se boeke. Tog slaag hul daarin om universele temas en alledaagse karakters te gebruik wat beide Suid-Afrikaanse en internasionale gehore boei.

Alhoewel 'n bestaande publikasierekord noodsaaklik is, is skrywers al vertaal wat geen gevestigde publikasielys het nie. Die boek se tema, kontroversie en pryse of toekennings wat ontvang is, veroorsaak dat die neweregte suksesvol verkoop kon word. 'n Voorbeeld hiervan is Dominique Botha se *Valsrivier* (Penguin Random House, 2013) en *False river* (Penguin Random House, 2013). Die boek het verskeie literêre pryse ontvang, naamlik die

Eugène Marais-prys, die Jan Rabie-Rapport-prys, die Universiteit van Johannesburg-debuut-prys vir Suid-Afrikaanse skryfwerk (kategorie Engels), die Universiteit van Johannesburg-debuutprys vir Suid-Afrikaanse skryfwerk (kategorie Afrikaans), finalis in die Sunday Times Literary Prize 2014, die kykNET-Rapport-prys en die 2014 Versindaba Lykdig-kompetisie-prys. Hierdie skrywer is spoedig deur Meyer se literêre agent, Isobel Dixon, aangebied aan buitelandse uitgewerye vir die verkoop van vertaalregte (Jennifer 2015).

### 6.2.2 Posisioneringstrategie/bemerkbaarheid van die skrywer

Bemarking en publisiteit van die boeke en skrywer is prioriteit. Isobel Dixon bevestig dat 'n groot deel van die onderhandelings oor neweregte beter en groter bemarking en media-blootstelling insluit (Dixon 2013). Die skrywer moet bereid wees om internasionaal te reis om bewustheid en lojaliteit by die buitelandse teikengehoor te bou. Die Suid-Afrikaanse skrywer moet kan deelneem aan verskeie bemarkings- en publisiteitsaktiwiteite, soos om onderhoude toe te staan aan radiostasies, tydskrifte en koerante en aan boekbekendstellings in die spesifieke land deel te neem. Met die toename in die gebruik van sosiale media is dit ook belangrik dat die skrywer in staat is om met sy/haar gehoor te skakel via verskillende sosialemediaplatforms.

Alhoewel die skrywer bekend kan wees in die plaaslike mark, word die skrywer in 'n ander land beskou as nuut en moet 'n nuwe handelsmerk geskep word. 'n Omvattende bemarkingstrategie van beide plaaslike en buitelandse uitgewerye is nodig om handelsmerklojaliteit te bou en verkope aan te moedig. Jones (2002) is van mening dat boeke nie gewild raak net op grond van hulle tekstuele eienskappe en aard nie, maar ondersteun moet word deur groot bemarking- en begrotingstrategieë. Aangesien bemarkingsbeginsels berus op die idee van herhaling, sal die nuwe gehoor meer bewus word van die skrywer en sy/haar werk deur middel van bemarking (Lamb, Hair, McDaniel, Boshoff en Terblanche 2006).

Buiten die skep en ontwikkeling van 'n skrywershandelsmerk is die boek se verpakking belangrik. Die voorblad en verskeie elemente van die boek posisioneer die titel in die mark. Die parateks van die boek moet oorweeg word en moontlik aangepas word vir die nuwe mark omdat verskillende kulturele kodes en voorkeure in die teikenland geld. Die parateks sluit in alle elemente buiten die teks van die verhaal self, soos die voorblad, die titel, die skrywer, die voor- en agterwerk en die bedankings (Mirenayat en Soofastaei 2015). Die visuele elemente, sowel as die flapteks, bevestig die genre van die boek en help om lesers se verwagtinge te bestuur. In die meeste gevalle ontwerp die buitelandse uitgewery hulle eie voorblad sodat die voorblad aanklank vind by die nuwe gehoor. Dit is ook belangrik dat plaaslike uitgewerye kennis neem van Europese vertalings se paratekste, sodat hulle hierdie visuele nuanses begryp, aangesien dit iets van die betrokke kultuur verklap.

Die oorspronklike voorblad van die Afrikaanse boek is nietemin belangrik wanneer die boek oorweeg word vir vertaling. Die voorblad kommunikeer die genre, tema en styl van die boek en kan dus bydra tot die buitelandse uitgewery se gevoel vir, of eerste indrukke van, die boek. Joubert se voorblaaie en in sommige gevalle selfs titels is verander om beter aanklank te vind by Uitgeverij Mozaïek se Christelike gehoor. Figuur 2 en Figuur 3 is voorbeelde van Joubert se trilogie wat gedurende 2013–2014 deur hierdie Christelike uitgewery vertaal is.



**Figuur 2. Afrikaanse trilogie deur LAPA Uitgewers gepubliseer (LAPA Uitgewers s.j.)**



**Figuur 3. Vertaalde trilogie deur Uitgeverij Mozaïek gepubliseer (2011–2013)<sup>2</sup> (Uitgeverij Mozaïek 2016)**

### 6.2.3 Plaaslike verkope

Buitelandse uitgewerye wil graag weet hoe die skrywer plaaslik ontvang en verkoop word, aangesien dit dui op die teks se potensiële aantrekkingskrag vir lesers. Plaaslike verkope is soms problematies vir buitelandse uitgewers om te interpreteer. Daarom moet die Suid-Afrikaanse konteks aan Europese lande verduidelik word. Soos verduidelik in onderafdeling 3 van hierdie artikel, het Suid-Afrika nie 'n groot boekkoopkultuur nie. Die verkoop van 5 000 plaaslike niefiksie-eksemplare maak dat die betrokke boek as 'n topverkoper in Suid-Afrika beskou word (Van Rooyen 2005). Die eerste oplaag van fiksietitels in Suid-Afrika is ongeveer 1 000 eksemplare (vandag selfs 750), met sekere skrywers wat herdrukke van 1 000–2 000 kan hê (Abrams 2015; Le Roux en Buitendach 2018). Die verkope van beide fiksie en niefiksie in die buiteland is nie noodwendig vergelykbaar nie.

'n Ander uitdaging is dat literêre boeke oor die algemeen minder verkoop in vergelyking met populêre fiksie. Die gewilde genres soos romans en misdaadfiksie verkoop oor die algemeen beter en is verseker van stabiele verkope, waar meer eksperimentele genres en literêre boeke 'n beperkte teikengehoor het. Statistiek dui aan dat die romanse-genre die Amerikaanse sagtebandmark domineer, en dat een uit elke vyf lesers romanses lees (Snyman en Penzhorn 2011). Drukplae vir literêre boeke is oor die algemeen laer. Uitgewerye publiseer literêre boeke meesal as deel van hul sosiale doelwit. Publikasie van hierdie boeke dra by tot hulle status en prestige as hoëkultuuruitgewery en vorm deel van sosiale kapitaal (Sapiro 2008). As gevolg van die hoë literêre waarde van hierdie titels is dit hulle wat benoemings vir literêre pryse ontvang en dus buitelandse uitgewers se aandag trek.

Dit is nodig om die konteks van die Suid-Afrikaanse boekkultuur aan die buitelandse uitgewery te skets en die skrywer daarin te posisioneer. Binne die sosiale en ekonomiese omgewing van Suid-Afrika is dit selde dat 'n boek meer as 5 000 eksemplare verkoop. Vir vertaling moet boeke eerder beoordeel word op grond van meriete, uniekheid en die potensiaal van die skrywer.

#### 6.2.4 Pryse/toekennings

Pryse en toekennings is 'n aanduiding van meriete. Die boek is beoordeel deur kritici en kundiges en voldoen aan spesifieke keuringskriteria. Indien 'n boek 'n toekenning gewen het of 'n benoeming ontvang het, kan die uitgewer dit gebruik as etiket of bemarkingsinstrument om die boek in die mark te posisioneer. Verskeie literêre uitgewerye bestaan wat slegs boeke wat prysweners is vertaal. Hierdie uitgewerye is eerder gestel op sosiale kapitaal en het nie 'n sterk winsoogmerk nie. Dit hang dus af van wat die internasionale uitgewery se doelwit en missie met die vertaling is.

Deon Meyer word nie deur Suid-Afrikaanse kritici beskou as 'n literêre skrywer nie, tog het hy verskeie internasionale toekennings vir sy boeke ontvang, wat insluit Le Grand Prix de Littérature Policière (2003) en Le prix Mystère de la critique (2004) in Frankryk, die Deutsche Krimi Preis (2006, 2009) in Duitsland, die Martin Beck Award (2010, 2021) in Swede en die Barry Award for Best Thriller in the USA (2010) (Deon Meyer: Biografie s.j.). Meyer se vertalings in Nederlands word geïnterposisioneer as "litteraire thrillers". Hierdie hoër status in literêre kringe het vir hom meer verkope en aansien meegebring in die internasionale gehoor (A.W. Bruna s.j.).



Figuur 4. "Literaire thriller"-etiket op Deon Meyer titel *De Kaap* (A.W. Bruna s.j.)

Joubert se internasionale toekennings en benoemings sluit in die BCB Publiekprijs (Christelike prys vir vertaalde fiksie, 2014), 'n nominasie vir die Christy Award wat Christelike fiksie (historiese fiksie) erken, en in 2016 het die Internasionale Organisasie van die Logos-boekwinkel-ketting die vertaling van *Tussen stasies*, naamlik *The girl from the train* (2016), gekies as die beste boek van die jaar in die kategorie fiksie (NB-Uitgewers 2015; Irma Joubert s.j.).

Plaaslik het beide skrywers ook toekennings en nominasies vir hulle skryfwerk ontvang, maar nie literêre pryse ontvang nie.<sup>3</sup> Die feit dat beide skrywers verskeie toekennings vir hul werk ontvang het, het bygedra tot die vertaling van die boeke in meer tale en het ook vertalings gunstig beïnvloed.

### 6.2.5 Beskikbare vertalings

Wanneer skrywers 'n vertaling van hulle boeke beskikbaar het, bestaan die aanname dat die boeke van goeie gehalte is. 'n Ander uitgewer het dus die boek op gehalte beoordeel en besluit om die risiko te neem om die boek te vertaal. Die konsep *isomorphism between literary fields in different nations* is hier ter sprake en verwys na persone (in hierdie geval uitgewerye) in dieselfde bedryf wat na mekaar kyk vir bevestiging en inspirasie deur suksesvolle strategieë (Franssen en Kuipers 2013). Isomorfisme is veral van toepassing wanneer manuskripte uit minderheidstale voorgelê word of wanneer 'n vertaling oorweeg word in 'n taal waarmee 'n buitelandse uitgewery nie bekend is nie. Wanneer die vorige uitgewer, van 'n ander taalgroep, dit goedgevind het om die boek te publiseer en vry te stel in 'n ander taal, kan nuwe uitgewers op hierdie merietebeoordeling bou en die vertaling in hulle taal oorweeg. 'n Ander manier om die gehalte van die werk te evalueer, is om 'n Engelse vertaling (of 'n paar hoofstukke) aan te vra om die kwaliteit van die manuskrip self te bepaal. Beskikbare vertalings help om volgende vertalings moontlik te maak. Dit maak dit makliker vir ander uitgewers om toegang tot die taal te verkry en dit te beoordeel vir verdere vertaling in groter taalgroepe soos Spaans, Nederlands, Duits en Frans (Škrabec 2007). Meyer se tweede boek, *Feniks*, is in beide Afrikaans en Engels beskikbaar gestel in 1996. Die beskikbaarheid van sy Engelse vertalings het die vertaalproses vergemaklik en die daaropvolgende Nederlandse vertalings het deure na verskeie ander vertalings in Europa oopgemaak (Le Roux en Buitendach 2014).

Joubert se vertaling van *Tussen stasies* (2007) was eerste in Nederlands, daarna in Duits en toe eers in Engels. Dit is nie altyd die geval dat 'n Engelse vertaling eerste moet bestaan vir vertaling van 'n Afrikaanse boek om oorweeg te word nie. In Joubert se geval was die Nederlandse uitgewer en vertaler vloeiend in die lees en verstaan van Afrikaans (Buitendach-Miller 2018; Uitgeverij Mozaïek 2014).

### 6.2.6 Opvolgverkope en boeke

In die geval van die Afrikaanse fiksieskrywers Meyer en Joubert blyk dit dat indien die buitelandse uitgewer tevrede is met die vertaling se verkope in die betrokke land, nuwe titels se vertaalregte outomaties verkry kan word soos wat nuwe titels plaaslik gepubliseer of gewerf word. In die geval van Joubert het Uitgeverij Mozaïek ná die verkoopsukses van *Tussen stasies* in Nederland, dadelik ander vertalingsregte van die trilogie en ander titels aangekoop (Uitgeverij Mozaïek 2014).

Uitgewerye belê in die “nuwe” skrywer en spandeer tyd en geld om die skrywer se handelsnaam in hulle betrokke land te bou. In baie gevalle benodig hulle die waarborg dat meer as een titel geproduseer gaan word en die handelsmerk dus uitgebou kan word vir herhaalde verkope:

“A reputation grows slowly and gradually. An author should publish at regular intervals to become popular” (Verdaasdonk 1986). Die belegging lê nie in net een titel nie, maar in die moontlikheid van opvolgtitels en deurlopende inkomste.

Wanneer die lojaliteit in die buitelandse mark gebou is, en daar ’n behoefte bestaan aan nuwe titels van die Suid-Afrikaanse skrywers, kan dit selfs gebeur dat die buitelandse uitgewery die Suid-Afrikaanse skrywers werf om boeke vir hulle mark te skryf. ’n Voorbeeld hiervan is toe Deon Meyer versoek is om die geskenkboek te skryf vir die Nederlandse uitgewery A.W. Bruna se veldtog Spannende Boeken Weken 2017. Die geskenkboek is uitgedeel aan alle boekhandelaars se klante wat Nederlandse boeke gekoop het van meer as €12,50 (ongeveer R253,66). Hierdie veldtog is die oorsprong van die titel *De vrouw in de blauwe mantel* (A.W. Bruna s.j.) wat later in Afrikaans versprei is as *Die vrou in die blou mantel* (Tafelberg 2017) (A.W. Bruna, s.j.; Deon Meyer Boeke s.j.). Wedersydse vertaling van boeke tussen Nederland en Suid-Afrika, Nederlands en Afrikaans verbreed die reikwydte van Meyer se skryfwerk.

### 6.2.7 Genre, skryfstyl en unieke verkoopswaarde

Sekere genres is oor die algemeen meer gewild as ander. Verkoopsyfers bevestig hierdie stelling. Om ’n gewilde genre te vertaal word beskou as ’n strategie met ’n laer risiko omdat daar reeds ’n gevestigde mark bestaan. Hierteenoor het die publikasie van ’n avant-garde- of eksperimentele literêre genre ’n beperkte gehoor. Dit kan wees dat die “veiligheid” van ’n betrokke genre ’n rol speel in die besluit om te vertaal, al dan nie.

Daar bestaan ook die argument dat dit soms juis die unieke styl of kontroversiële tema is wat die boek differensieer van ander en dus meer aantreklik maak vir vertaling. Die tema van die boek is moontlik “anders”, die boek kan ’n innoverende benadering tot ’n tema of skryfstyl bevat wat iets nuut bied in die mark of dalk aansluit by die land se kultuur en markdensense. Navorsing dui daarop dat Europese vertalers dikwels op soek is na iets vars en nuut. ’n Nederlandse uitgewer verwys byvoorbeeld na “eksotiese Afrika” (Boekencentrum TV 2012). Dit is dalk juis hierdie bestanddeel wat Afrika en sy skrywers bied wat aanklank mag vind by ’n buitelandse gehoor.

Dit is belangrik om verskeie faktore te oorweeg, maar veral die unieke verkoopswaarde van elke publikasie wat die boek moontlik ’n kompeterende voordeel in ’n betrokke land en taalgroep kan gee. Dit hang af van die boek, die betrokke uitgewery se redaksionele beleid en die teikengehoor se leesbehoefte. Die buitelandse uitgewery se redaksionele beleid mag juis wees om Derde Wêreld-fiksie te vertaal, iets uniek te publiseer en ’n nuwe kulturele diskoers en gesprek by hulle lesersgehoor aan te moedig.

## 7. Samevatting

Die keuse van twee Afrikaanse skrywers wat in verskillende genres skryf se vertalings is doelbewus gebruik om elemente van die sukses van die vertalings, sowel as die oorwegingskriteria te identifiseer wat gebruik kan word as kriteria vir potensiële vertaling. Dat die skrywers se boeke by verskillende Nederlandse uitgewerye uitgegee is, het die lys van kriteria verder versterk. Omdat gevallestudies se resultate nie oordraagbaar is nie en nie veralgemeen kan word nie, is die gevallestudies se inligting getrianguleer met onderhoude en bronne vanuit die literatuurstudie (Pickard 2013:21).

Die finale lys kriteria vir die vertaling van Afrikaanse fiksie is nie omvattend nie en kan aangepas word. Elemente kan in verskillende kombinasies gebruik word en alle boeke hoef nie aan al die kriteria te voldoen om goedgekeur te word vir vertaling nie. Tans bestaan daar nog nie een omvattende lys wat alle kriteria insluit en bespreek vanuit 'n Afrikaanse konteks met inagneming van die perifere status van die land en taal nie.

Die heel belangrikste kriterium is dat die konteks ten alle tye oorweeg moet word tydens die toepassing van die kriteria. Die taalgroep se politieke, ekonomiese, sosiale en tegnologiese faktore, die betrokke taal, die skrywer en sy/haar temas en genre, sowel as die tydgees moet oorweeg word. Verder speel die skrywerprofiel en pryse en toekennings 'n rol. Die afkeuring van 'n boek is nie noodwendig 'n refleksie van die kwaliteit van die boek nie.

In Suid-Afrika is die verkoop en aankoop van neweregte en die beskikbaarheid van literêre agente beperk (Kleyn 2013; Buitendach-Miller 2018). Om die lesersmark vir minderheidstaalpublikasies te vergroot en die internasionale mark bewus te maak van die hoë kwaliteit van Suid-Afrikaanse fiksie, is vernuwende strategieë nodig. Besigheidsverhoudings met internasionale kontakte en uitgewers is belangrik. 'n Kennisname van buitelandse uitgewerye se markte en behoeftes, insig in die keuringsproses en om vertaling as doelwit by die publikasie van Afrikaanse fiksie uit die staanspoor sal Afrikaanse uitgewerye in 'n mededingende posisie plaas.

## Bibliografie

Abrams, D. 2015. 4 Reasons books are so expensive in South Africa. Publishing perspectives. <https://publishingperspectives.com/2015/11/5-reasons-books-are-so-expensive-in-south-africa> (18 September 2023 geraadpleeg).

Allen, E. (red.). 2007. *To be translated or not to be*. Institut Ramon Llull. [https://www.researchgate.net/publication/304214358\\_To\\_Be\\_Translated\\_or\\_Not\\_To\\_Be](https://www.researchgate.net/publication/304214358_To_Be_Translated_or_Not_To_Be) (8 Maart 2024 geraadpleeg).

A.W. Bruna Uitgevers: De Kaap: Deon Meyer. A.W. Bruna Uitgevers amptelike webwerf. s.j. <https://www.awbruna.nl/boek/thrillers/deon-meyer/de-kaap> (27 Mei 2023 geraadpleeg).

A.W. Bruna Uitgevers: De vrouw in de blauwe mantel: Deon Meyer. A.W. Bruna Uitgevers amptelike webwerf. s.j. <https://www.awbruna.nl/boek/thrillers/deon-meyer/de-vrouw-in-de-blauwe-mantel> (27 Mei 2023 geraadpleeg).

Boekencentrum TV. 2012. Uitgever Corinne Vuijk aan het woord: Irma Joubert. Uitgeverij Mozaïek. <https://www.youtube.com/watch?v=s8ObWruFnYY> (20 Augustus 2021 geraadpleeg).

Brink, A. 2010. Ground zero: Die Suid-Afrikaanse literêre landskap ná apartheid. Jan Rabie Marjorie Wallace lesing, Universiteit van die Wes-Kaap, 17 September.

Buitendach-Miller, S.A. 2018. Selling translation rights in trade publishing: Case studies of Dutch translations of Afrikaans fiction in the Netherlands and Belgium. MA- verhandeling, Universiteit van Pretoria.

Casanova, P. 2013. What is a dominant language? Giacomo Leopardi: theoretician of linguistic inequality. *New Literary History*, (44):379–99.

De Haan, M. en R. Hofstede. 2008. *\*Great translation by the way. A pamphlet for preserving a flourishing translation culture*. Gesamentlik uitgegee deur: Dutch Language Union, The Expertise Centre for Literary Translation, The Dutch Foundation for Literature, The Flemish Literature Fund and the Foundation for the Production and Translation of Dutch Literature. Dutch Language Union, The Expertise Centre for Literary Translation, The Dutch Foundation for Literature, The Flemish Literature Fund and the Foundation for the Production and Translation of Dutch Literature. Amsterdam.

Deon Meyer: Biografie. Deon Meyer amptelike webwerf. s.j. <https://www.deonmeyer.com/bio.html> (29 Mei 2023 geraadpleeg).

Deon Meyer: Die boeke. Deon Meyer amptelike webwerf. s.j. <https://www.deonmeyer.com/index.html#books> (29 Mei 2023 geraadpleeg).

De Swaan, A. 2002. *Woorden van de wereld: het mondiale talenstelsel*. Vertaald uit het Engels door Leonoor Broeder. Bert Bakker: Amsterdam.

Dixon, I. 2013. Persoonlike onderhoud gevoer deur Samantha Buitendach-Miller. 29 Oktober 2013.

Evans, N. en M. Seeber (reds.). 2000. *The politics of book publishing in South Africa: a critical overview*. Scottsville: University of Natal Press.

Even-Zohar, I. 1979. Polysystem theory. *Poetics Today*, 1(1/2):287–310.

Feldman, L. 2019. Let's break down the most mysterious parts of the testaments, with a little help from Margaret Atwood. *Time*, 10 September 2019. <https://time.com/5673535/the-testaments-plot-questions-margaret-atwood> (11 Junie 2023 geraadpleeg).

Festival voor het Afrikaans. 2023. <https://festivalvoorhetafrikaans.nl> (11 Augustus 2023 geraadpleeg).

Franssen, T. en G. Kuipers. 2013. Coping with uncertainty, abundance and strife. Decision-making processes of Dutch acquisition editors in the global market for translations. *Poetics*, 41(1):48–74.

Glorie, I. 2016. Programma: Week van de Afrikaanse roman 2016. <https://www.litnet.co.za/programma-wek-van-de-afrikaanse-roman-2016/> (16 Junie 2022 geraadpleeg).

Grenoble, L. en A. Singerman. 2014. Minority Languages. *Linguistics*. <https://www.oxfordbibliographies.com/display/document/obo-9780199772810/obo-9780199772810-0176.xml> (11 Junie 2021 geraadpleeg).

Irma Joubert. Tuisblad [Facebook]. s.j. <https://www.facebook.com/irmajoubertpage> (19 September 2023 geraadpleeg)

Jennifer. 2015. Isobel Dixon signs Dominique Botha to London Literary Agency Blake Friedmann. *Books Live*, 7 Januarie 2015. <http://bookslive.co.za/blog/2015/01/07/isobel-dixon-signsdominique-botha-to-london-literary-agency-blake-friedmann> (12 September 2021 geraadpleeg).

Jones, R.C. 2002. Read between the hype. *The Guardian*, 22 Oktober 2022. <https://www.theguardian.com/books/2002/oct/22/bookerprize2002.thebookerprize> (13 September 2014 geraadpleeg).

Khalid, I. & Baker, M.J. 1998. Country of origin effects: a literature review. *Marketing Intelligence & Planning*, 16(3):150–99

Kleyn, A.J.T. 2013. 'n Sisteemteoretiese kartering van die Afrikaanse literatuur vir die tydperk 2000–2009: Kanonisering in die Afrikaanse literatuur, PhD-verhandeling, Universiteit van Pretoria.

Kuijt, P. 2014. De wetten van Deon Meyer: Een makkelijk boek is een slecht boek. *Hebban*, 28 Mei 2014. <https://www.hebban.nl/artikelen/de-wetten-van-deon-meyer-een-makkelijk-boek-is-een-slecht-boek> (10 September 2015 geraadpleeg).

Lamb, C., J. Hair, C. McDaniel, C. Boshoff en N. Terblanche. 2006. *Marketing*. Oxford University Press: Kaapstad.

LAPA Uitgewers. 2013. Irma Joubert tantiemestaats (2009, 2011–2013). Beskikbaar van: LAPA Uitgewers (Oktober 2014 geraadpleeg).

LAPA Uitgewers. Irma Joubert: Boeke. LAPA Uitgewers amptelike webwerf. s.j. [https://lapa.co.za/Skrywers/irma\\_joubert](https://lapa.co.za/Skrywers/irma_joubert) (20 Augustus 2023 geraadpleeg).

Le Roux, E. en S. Buitendach. 2014. The production and an evaluation of the factors contributing to bestseller status. *Scrutiny 2: Issues in English Studies in Southern Africa*, 19(1):18–34. reception of Deon Meyer's works:

—. 2018. Travelling stories: Selling translation rights of Afrikaans fiction to Dutch publishers. *Publisher's Research Quarterly*, 34:288–303.

Le Roux, E., S. Tshuma en S. Harvett. 2023. *South African Book Publishing Industry Survey 2021–2022*. Universiteit van Pretoria en die Publishers Association of South Africa, Pretoria.

Malan, M. 2011. Deon Meyer beats international rivals. News24. <https://www.news24.com/channel/deon-meyer-beats-international-rivals-20111027> (13 September 2013 geraadpleeg).

McCracken, S. 1998. *Pulp: Reading popular fiction*. Manchester University Press: Manchester.

Meyer, D. 2020. Persoonlike onderhoud gevoer deur Samantha Buitendach-Miller. 8 Desember, Stellenbosch.

Minter, L. 2013. Translation and South African English literature: Van Niekerk and Heyns' *Agaat*. *English Today*, 29(1):53–7.

Mirenayat, S. en E. Soofastaei. 2015. Gerard Genette and the categorization of textual transcendence. *Mediterranean Journal of Social Sciences*, (6):533–7.

NB-Uitgewers. 2015. Persoonlike onderhoud gevoer deur Samantha Buitendach-Miller. 8 Desember 2015, Kaapstad.

—. Skrywerfokus: Deon Meyer. Amptelike webwerf. s.j. <http://www.nb.co.za/authors/1303> (12 September 2017 geraadpleeg).

National Reading Barometer South Africa. 2023 National Reading Survey 2023. <https://www.readingbarometersa.org/survey> (10 September 2023 geraadpleeg).

Oliphant, A. 2000. *From colonialism to democracy: writers and publishing in South Africa*. In Evans en Seeber (reds.) 2000.

Owen, L. 2014. *Selling rights*. Sewende uitgawe. Routledge: Abingdon.

Pickard, A.J. 2013. *Research methods in information*. Londen: Facet Publishing.

Pickford, S. 2011. The Booker Prize and the Prix Goncourt: a case study of award-winning novels in translation. *Book History*, (14):221–40.

Sapiro, G. 2008. Translation and the field of publishing: a commentary on Pierre Bourdieu's "A conservative revolution in publishing". *Translation Studies*, (1):154–66.

Škrabec, S. 2007. *Literary translation: the international panorama*. In Allen 2007.

Snyman, M. en C. Penzhorn. 2011. Leser en konteks: 'n resepsiestudie oor Afrikaanse romanselesers. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, (51):238–50.

Statista. 2018. *Distribution of languages spoken by individuals inside and outside of households in South Africa 2018*. <https://www.statista.com/statistics/1114302/distribution-of-languages-spoken-inside-and-outside-of-households-in-south-africa> (12 September 2023 geraadpleeg).

Uitgeverij Mozaïek. Historiese romans. Amptelike webwerf. s.j. <https://www.uitgeverijmozaiek.nl/boeken/bijbels-historiese-romans> (12 September 2023 geraadpleeg).

—. 2014. Persoonlike onderhoud gevoer deur Samantha Buitendach-Miller. 1 Oktober 2014, Zoetermeer.

Van der Watt, M. 2016. Week van de Afrikaanse roman 2016: 7 dae in Amsterdam. *Neerlandinet*. <https://www.litnet.co.za/week-van-de-afrikaanse-roman-2016-7-dae-amsterdam> (16 Junie 2022 geraadpleeg).

Van Es, N. en J. Heilbron. 2015. Fiction from the periphery: How Dutch writers enter the field of English-language literature. *Cultural Sociology*, (9):296–319.

Van Kranenburg, H., J. Hagedoorn en M. Cloodt. 2001. An exploratory study of recent trends in the diversification of Dutch publishing companies in the multimedia and information industries. *International Studies of Management and Organization*, (31):64–86.

Van Wyk, F. 2023. *South Africa three-year overview*. South African Booksellers Association. <https://www.sabooksellers.com/south-africa-three-year-overview> (12 September 2023 geraadpleeg).

Verdaasdonk, H. 1986. The influence of certain socio-economic factors on the composition of the literary programs of large Dutch publishing houses. *Poetics*, (14):575–608.

Wafawarowa, B. 2000. Book development policies in Africa. *Meta-Info Bulletin*, 9(4):15–6.

Warnes, 2012. Writing crime in the new South Africa: Negotiating threat in the novels of Deon Meyer and Margie Orford. *Journal of South African Studies*, (38):981–991.

Week van de Afrikaanse roman. s.j. Amptelike webwerf. <http://www.weekvandeafrikaanseroman.nl> (20 Januarie 2022 geraadpleeg).

Wessels, C. 2021. Nuusbrieff: Desember 2021. PEN Nuusbrieff. <https://penafrikaans.org.za/nuusbrieff-desember-2021-2> (13 Mei 2022 geraadpleeg).

## Eindnotas

<sup>1</sup> Oorspronklike bronverwysings ten opsigte van alle verkope is in die volle M-studie beskikbaar (Buitendach-Miller 2018).

<sup>2</sup> As gevolg van verskeie herdrukke is die omslae van beide Joubert en Meyer se boeke vernuwe seder voltooiing van die magisterstudie in 2018.

<sup>3</sup> Deon Meyer se plaaslike toekennings: ATKV Prosaprys (2000, 2003, 2004), ATKV Prys vir Spanningslektuur (2008, 2009, 2011, 2014, 2019), M-Net-toekenning vir 'n boek wat omskep kan word in 'n draaiboek (2009, 2012) (“Deon Meyer Biografie” s.j.). Irma Joubert se toekennings/benoemings sluit in: Finalis, ATKV Prosaprys (2008 en 2011), Exclusive Books Homebru (2009) en “The List” en “Lekkerlees Leesfees” se bemarkingskatalogusse en veldtogte (2010 en 2011), ATKV Liefdesromanprys (2010 en 2018), Tuks Alumni Laureaat-toekenning (2014).

# 'n Kritiese ondersoek en resensie van die handboek *Piekfyn Afrikaans vir Graad 8 Huistaal*

Nandi Victor

Nandi Victor, Departement Afrikaans en Nederlands, Universiteit Stellenbosch

## Opsomming

Hierdie artikel lewer verslag oor 'n studie vir 'n werkstuk vir 'n Honneursgraad.<sup>1</sup> Die studie was 'n kritiese en omvattende evaluering van die voorgeskrewe handboek *Piekfyn Afrikaans vir Graad 8 Huistaal* (Viljoen, Lamprecht, Ligthelm, Murray, Van Tonder, Conradie en Platjies 2013). Die evaluering is onderneem aan die hand van die onderwysvoorskrifte soos uiteengesit in die Nasionale Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV, Departement van Basiese Onderwys 2011), en die jaarlikse onderrigplan (DBO 2021), om vas te stel of die handboek tot suksesvolle onderrig kan bydra. Lawrence, Le Cordeur, Van der Merwe, Van der Vyver, en Van Oort (2014) se drie tabelle om handboeke te ontleed is in die ondersoek gebruik. Verskeie handboekreekses, onder meer *Platinum Afrikaans Huistaal* (Anker, Fouché, Gouws, Hugo, Jansen van Nieuwenhuizen en Janse van Rensburg 2012) en *Viva Afrikaans Huistaal* (Scholtz en Vorster 2014), is geskryf om te voldoen aan die KABV se onderrigdoelwitte.<sup>2</sup>

Die volgende navorsingsvrae word in die evaluering gestel:

1. In watter mate voldoen *Piekfyn Afrikaans vir Graad 8 Huistaal* aan die vereistes van die KABV-kurrikulum?
2. In watter mate stem die handboek ooreen met die jaarlikse onderrigplan soos onderskryf deur die DBO?
3. Watter aanbevelings kan gedoen word om die handboek te verbeter?

Vir dié navorsing is 'n dokument-analitiese benadering gevolg. Daar is gebruik gemaak van triangulasie. Die KABV-dokument, die onderrigplan en die drie tabelle met kriteria vir die evaluering van handboeke uit Lawrence e.a. (2014) is geraadpleeg om te bepaal of die handboek voldoen aan die vereistes vir suksesvolle onderrig. Die handboek voldoen wel aan dié vereistes, maar stem nie ooreen met die jaarlikse onderrigplan nie. Die inhoud van die handboek is ook erg verouderd. Die resultate van die evaluering word in die artikel bespreek.

**Trefwoorde:** Afrikaans Huistaal; dokumentontleding; jaarlikse onderrigplan; KABV; *Piekfyn Afrikaans (Graad 8)*; voorgeskrewe handboek

## Abstract

### A critical analysis and review of the textbook *Piekfyn Afrikaans vir Graad 8 Huistaal*

This article reports on a study undertaken as an assignment for an Honours degree. The study was a critical and comprehensive evaluation of the prescribed textbook *Piekfyn Afrikaans vir Graad 8 Huistaal* (Viljoen, Lamprecht, Ligthelm, Murray, Van Tonder, Conradie and Plaatjies 2013), which was undertaken based on the teaching directives as set out in the National Curriculum and Assessment Policy Statement (CAPS, Department of Basic Education 2011), and on the annual teaching plan (DBE 2021). The three tables for analysing textbooks suggested by Lawrence, Le Cordeur, Van der Merwe, Van der Vyver and Van Oort (2014) were used in the investigation. Several textbook series, including *Platinum Afrikaans Huistaal* (Anker, Fouché, Gouws, Hugo, Jansen van Nieuwenhuizen and Janse van Rensburg 2012) and *Viva Afrikaans Huistaal* (Scholtz and Vorster 2014), have been written to meet the CAPS educational objectives.

The following research questions are posed in the evaluation:

1. To what extent does the textbook *Piekfyn Afrikaans vir Graad 8 Huistaal* meet the requirements of the CAPS curriculum?
2. To what extent does the textbook correspond with the annual teaching plan as endorsed by the Department of Basic Education?
3. What recommendations can be made to improve the textbook?

For this research, a document-analytical approach was followed to ensure triangulation of the findings. The CAPS document, the annual teaching plan and the three tables providing criteria for the evaluation of textbooks from Lawrence et al. (2014) were consulted to determine whether *Piekfyn Afrikaans vir Graad 8 Huistaal* meets the requirements for successful teaching.

In the study on which the article is based, six modules were evaluated. Due to the limitations of length and to avoid unnecessary repetition, only one module, Module 6, is discussed here. I chose the module because it contains the theme of globalisation, with which most teenagers identify. Module 6 contains all four language skills as well as all four teaching approaches, as required by the CAPS. The content of Module 6 vaguely corresponds to the teaching plan.

In term 2, week 1–2, the teaching plan requires for “Listening and speaking” that learners complete a listening comprehension test, based on a novel. The textbook contains a listening text that deals with instructions, and a group discussion that deals with a baluchitherium – so the textbook differs from the teaching plan.

For the skill “Reading and viewing”, the teaching plan requires that learners read a novel. The focus must be on important features of a literary text, such as characterisation, plot and so on. The textbook requires that learners must read a text and thus follow the reading process, but the text is a poem, not a novel. The textbook requires an analysis of a short story and investigation of literary characteristics that can be identified in the story.

According to the teaching plan, learners must write a descriptive essay for the skill “Writing and presenting”. In the textbook, however, learners are required to write instructions and directions.

The teaching plan requires, with regard to the skill “Language structures and conventions”, that learners focus on adverbs of time and place, word order, question forms, euphemisms, sentence structure, style, tone and register, figurative, literal, and contextual meaning, abbreviations, question marks, exclamation marks, periods, and commas. The textbook focuses on some of the same elements, like adverbs and punctuation, but it also focuses on aspects not required by the teaching plan, like antonyms, synonyms, paronyms, homophones, homonyms, numerals, and interjections.

Module 6 is only fairly effective and learner friendly, as the layout is confusing, and the design of the book presents all information as disordered and even chaotic.

Activities are often interrupted by framed language notes. The notes should either follow or precede the activity, rather than interrupting it. Notes in the middle of activities simply create confusion.

The illustrations are visually stimulating and fit in well with the theme of the module. All concepts build on learners’ prior knowledge.

There is an adequate variety of texts in this module. However, there are no visual texts with questions. That is, learners do not have the opportunity to practise critical language awareness.

The module contains vocabulary that is not at the learners’ level of competence, for example, “modus operandi”, “politics” and “capitalists”. There are no tools that can assist learners to expand their vocabulary within context.

According to the Progress in International Reading Literacy Study (PIRLS) report (De Beer, De Jager, Du Toit, Gräbe, Taylor, Terblanche, Van Den Berg, and Van Rooyen 2023) reading comprehension among Afrikaans learners is very poor. It is clear from the report that learners’ reading skills are not properly addressed at school level. As a result, learners struggle to understand and interpret questions during assessments. The problem does not stop at school level – first-year students at universities and colleges struggle to read and to master masses of subject information (De Beer et al. 2023).

Most of the texts in the module deal with the growth and progress of man, as well as with the negative impact that man has on the planet earth – an interesting and relevant topic. There are indeed elements in some of the texts that are no longer truly relevant – for example, the poem in the module deals with the social media platform, Facebook. Today’s teenagers do not use Facebook any longer, but rather Instagram or TikTok. One of the activities also refers to BBM (Black Berry Messenger) which was shut down in May 2019. Nowadays, learners use WhatsApp.

Module 6 meets the CAPS requirements, but the module differs to a large extent from the annual teaching plan.

Some activities required by the teaching plan do not appear in the textbook at all. Many of the activities are indeed present in the textbook, but they do not fall under the correct term or week, as stipulated by the annual teaching plan. For example, for the skill “Writing and presenting”, the learners must write a narrative or descriptive essay in term 1, week 1–2 according to the textbook, while the teaching plan requires the learners to write a descriptive essay in term 2, week 1–2.

Even though the textbook does not comply with the teaching plan, it does contain a number of pleasing features, such as good language activities that are well integrated – for example, a class discussion on a certain topic such as braces for teeth. They read an informative text that deals with rules to be followed when wearing braces and answer comprehension questions about it. Learners work with adjectives, an activity followed by questions on this part of speech from the text “Rules for braces”.

The themes in the modules are appropriate and up to date and refer to common problems with which teenagers struggle. There is also a very good example of the friendly letter in the textbook, to which learners can refer to ensure that their format is correct. Another excellent feature is the language and literature guide at the back, containing all-important language structures and conventions, as well as literary terms.

The final question addresses the matter as to what recommendations could be made to improve the textbook.

A number of aspects could be improved. The layout and design could be adjusted so that the textbook does not appear as cluttered and confusing as it does at present. The notes for literature and language that appear in the “*In ’n neutedop*” frames could be separated from one another so that it is easier to distinguish between language and literature notes.

The “Pitkos” notes, which explain the reading and writing processes, could include more detailed examples of the different formats of writing. I suggest that vocabulary lists should be added to each text. In this way, learners can expand their vocabulary within context. Learners are very often not exposed to reading at their parents’ homes, resulting in inadequate vocabulary.

The pictures and texts that appear in the textbook are often outdated. I recommend that updated texts be included. The Department of Education has recently decided that more activities on critical language awareness should be included in the curriculum. More texts could be included that refer to South Africa’s diverse reality. Activities in the book should also be revised to ensure that all cognitive thinking levels are included.

My overall impression of the textbook is not very positive. The textbook is confusing and even bewildering for Grade 8 learners, who are sometimes still very unsure of themselves – such a perplexing textbook only makes them even more hesitant.

It is frustrating and stressful to work with a textbook that does not correspond with the teaching plan. The Department of Basic Education checks very strictly whether teachers adhere to the teaching plan, through visits by subject advisors and circuit managers. If they do not comply, they are sternly addressed and reminded of the department’s requirements.

It is frustrating to have to deal with a textbook that is not up to standard. It makes lesson planning and class preparation more difficult, because information that is in the teaching plan must constantly be found in the textbook and when it is missing it must be printed for the learners – a time-consuming and financially senseless exercise.

The textbook meets the requirements of the CAPS, but does not correspond with the annual teaching plan. The results of the evaluation are further discussed in the article.

**Keywords:** Afrikaans Home Language; annual teaching plan; CAPS; document analysis; *Piekfyn Afrikaans* (Graad 8); prescribed textbook

## 1. Inleiding

Daar is alreeds heelwat navorsing gedoen oor die KABV (DBO 2011) ten opsigte van die leer en onderrig van tale (kyk onder meer Van Oort 2012 en 2018), maar daar is nog nie genoeg navorsing gedoen oor voorgeskrewe handboeke en of die handboeke aan die KABV se vereistes voldoen nie. Dit is nodig om te evalueer of voorgeskrewe handboeke aan die onderrigvoorskrifte van die KABV voldoen om te verseker dat sinvolle leer in klaskamers plaasvind.

As 'n Afrikaans-huistaalonderwyser het ek al met die handboek *Piekfyn Afrikaans Graad 8 Huistaal* (Viljoen e.a. 2013) klas gegee. My persoonlike ervaring, gerugsteun deur my waarneming van die leerders se reaksie in my klas, is dat dit nie 'n nuttige handboek is om mee te werk nie. Myn insiens stem die handboek veral nie ooreen met die jaarlikse onderrigplan (DBO 2021) wat saam met die KABV gebruik word nie.

Omdat die handboek nie met die jaarlikse onderrigplan ooreenstem nie, kan onderwysers nie sistematies van voor na agter deur die handboek werk nie. Daar moet baie in die handboek rondbeweeg word om sinvolle onderrig sistematies aan die Afrikaans Huistaal graad 8-leerders te bewerkstellig. Ek kon deurgaans die frustrasie en verwarring onder die leerders opmerk en dit was frustrerend om lesbeplanning en voorbereiding met die handboek te doen. Ek het dit daarom goedgevind om eerstens die handboek te evalueer en te kyk of dit aan die onderrigvoorskrifte voldoen soos in die KABV van die Departement van Basiese Onderwys uiteengesit. My tweede doelwit is om die nodige aanbevelings te maak ten opsigte van hoe die handboek aangepas en verbeter kan word.

In dié artikel word daar 'n kort oorsig van die KABV se voorskrifte gegee – om die KABV as evalueringsmaatstaf te gebruik, moet die beleid se doelwitte voor oë gehou word. Verder word daar gekyk na die jaarlikse onderrigplan (2021), asook na die drie tabelle met spesifieke kriteria vir die evaluering van handboeke in Lawrence e.a. (2014). Voorts bespreek ek kortliks die beskrywende navorsingsmetodologie wat gevolg is, met 'n spesifieke fokus op die dokument-analise-metode. Laastens volg 'n evaluering van een module uit die handboek *Piekfyn Afrikaans vir Graad 8 Huistaal*, gevolg deur die resultate van die ondersoek, wat ook aanbevelings insluit.

## 2. Agtergrondinligting oor die KABV

### 2.1 Inleiding

Die teoretiese raamwerk wat in hierdie afdeling bespreek word, dien as grondslag vir die studie wat onderneem is. Dié inligting word gebruik om die handboek *Piekfyn Afrikaans vir Graad 8 Huistaal* te evalueer en die resultate sal daarna bespreek word.

Die Suid-Afrikaanse nasionale skoolkurrikulum het in die laaste kwarteeu volgens Van Oort (2018:259) deur verskeie wysigings- en herskryfprosesse aangaande die ontwerp en die metodiek van die kurrikulum gegaan. Vanaf 1985 tot en met die Nasionale Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) van 2011, is 'n wye verskeidenheid wysigings aan die Suid-Afrikaanse Nasionale skoolkurrikulum aangebring (Van Oort 2018:259). Hierdie wysigings het om verskeie redes plaasgevind, maar volgens Van Oort (2018:259) hou dit onder meer verband met Suid-Afrika se onstuimige politieke geskiedenis.

In 1997 is uitkomsgebaseerde onderrig (UGO) geïmplementeer met die doel om die verdeeldhede van die verlede reg te stel. Die proses het in 2000 aanleiding gegee tot 'n kurrikulumvernuwing. Sodoende het die Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV) Graad R–9 (2002a) en

die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10–12 (2002b) ontwikkel (DBO 2011). Voortdurende struikelblokke in verband met die uitvoerbaarheid van hierdie kurrikulum het weer in 2009 'n kurrikulumvernuwing tot gevolg gehad (DBO 2011).

Die Nasionale Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring Graad R–12 het tot stand gekom deur die twee Nasionale Kurrikulumverklarings wat in 2012 gevolg is te kombineer (DBO 2011). Dié kurrikulum, sowel as die onderrig, speel 'n fundamentele rol in die vervulling van een van die belangrike doelwitte in Suid-Afrika, naamlik die erkenning van alle leerders se mense-regte soos vermeld in die Suid-Afrikaanse Grondwet (Wet 108 van 1998) (DBO 2011:4).

Die KABV poog om alle leerders, ondanks hulle demografiese agtergrond, ten volle van die nodige kennis, waardes en vaardighede te voorsien wat hulle sal voorberei om as suksesvolle en selfvervullende volwassenes in die wêreld buite die skool te funksioneer (DBO 2011:4). Dit beoog om aan alle leerders gelyke geleenthede te bied om sodoende alle ongelykhede van die verlede uit te wis. Die KABV (DOB 2011:4) onderneem om in die proses kritiese denke te ontwikkel en om hoë bereikbare standaarde in verband met kennis en vaardighede te stel.

In die senior fase, naamlik Graad 7 tot 9, vereis die KABV vyf ure per week se kontaktyd vir Afrikaans Huistaal (DBO 2011:7). Verder is daar vier vaardighede wat die grondslag van die Huistaalkurrikulum vorm, naamlik: Luister en praat; Lees en kyk; Skryf en aanbied; en Taalstrukture en -konvensies (DBO 2011:9). Wanneer 'n handboek of opvoedkundige materiaal geëvalueer word, is dit uiteraard belangrik om te kyk of die bron al vier hierdie vaardighede bevat.

## **2.2 KABV-benaderings tot taalonderrig**

Die taalonderrigbenaderings wat by die KABV ingesluit word, is teksgebaseerde, kommunikatiewe, geïntegreerde en prosesgeoriënteerde benaderings (DBO 2011:9). Dit wil sê, wanneer 'n teksgebaseerde benadering byvoorbeeld toegepas word, moet die voorgeskrewe handboek waaruit daar gewerk word, genoegsame aktuele tekste bevat wat die beginsels van die KABV aanspreek (Lawrence e.a. 2014:253).

### *2.2.1 Kommunikatiewe benadering*

Die kommunikatiewe benadering is 'n benadering tot taalonderrig wat meer spesifiek by die onderrig en aanleer van 'n tweede taal of vreemde tale gebruik word (Nagalakshmi en Girija Rajaram 2016:571). By die kommunikatiewe benadering word daar wegbeweeg van die struktuur van die taal, en die fokus word eerder geplaas op die produksie van taal (Adendorff 2014:453). Met ander woorde, die fokus verskuif na wat die leerder met die taal kan produseer. Adendorff (2014:453) meen dat die doel nie is om so grammatikaal korrek as moontlik te wees nie, maar eerder om effektief in die doeltaal te kan kommunikeer. Hierdie benadering vereis interaksie tussen die leerders en daarom is groepwerk baie belangrik (Adendorff 2014:453).

Volgens Latti en Gouws (1992) berus die kommunikatiewe benadering op vier beginsels:

- Kommunikasie moet op 'n geïntegreerde manier toegepas word.
- Die klaskamer moet 'n ruimte word waar die leerders oefen om die wêreld daar buite te hanteer.
- Leerders moet doeltreffend in die klaskamer saamwerk.
- Die onderwyser moet uitsluitlik die kommunikasieproses fasiliteer.

Die uiteenlopende beginsels waarop die kommunikatiewe benadering steun, sluit in dat alle doelwitte binne die klaskamer op elemente van kommunikatiewe bekwaamheid gefokus is – wat volgens Nagalakshmi en Girija Rajaram (2016:572) verwys na 'n leerder se vermoë om die taal reg en toepaslik te gebruik om die spesifieke kommunikasiedoelwitte te bereik (Mulaudzi 2016:7515).

Cloete en Engelbrecht (2013:34) meen dat die doelstelling van kommunikatiewe bekwaamheid is dat leerders doeltreffend in die doeltaal moet kan kommunikeer – en dit gebeur wanneer leerders die grammatikale reëls van die taal korrek kan aanwend en wanneer en in watter omstandighede hulle sinne akkuraat kan saamvoeg en gebruik.

Die kommunikatiewe benadering is 'n gepaste benadering om te volg omdat die oorhoofse doel daarvan is om kritiese denkers te ontwikkel (Cloete en Engelbrecht 2013:33) – wat aansluit by een van die KABV se doelwitte, naamlik om kritiese denkvaardighede by leerders te ontwikkel (DBO 2011:5). Die Nasionale Kurrikulumverklaring (2003) verduidelik volgens Cloete en Engelbrecht (2013:34) dat die kommunikatiewe benadering 'n geskikte benadering is om by die onderrig van 'n taal te gebruik, omdat leerders wye blootstelling aan die taal kry. Dit skep genoeg geleentheid vir die leerders om die taal in te oefen en om die taal sodoende te bemeester.

### 2.2.2 Geïntegreerde benadering

Cloete en Engelbrecht (2013:35) voer aan dat integrasie die sleutel is waarmee die kommunikatiewe benadering oopgesluit kan word.

Die vaardighede wat die DBO (2011:9) deur middel van die KABV verlang, is: Luister en praat, Lees en kyk, Skryf en aanbied en Taalstrukture en -konvensies. Die DBO (2011:12) deel die tyd verbonde aan elke vaardigheid vir Graad 8-Huistaal soos volg in:

**Tabel 1. Graad 8-Huistaal: Tydsindeling volgens die KABV**

Vaardighede	Tydstoekenning per tweeweeklikse siklus (in UUR)
Luister en praat (Mondeling)	2 uur
Lees en kyk	3 uur 30 min. (1 uur 45 min. vir begrip en 1 uur 45 min. vir letterkundige tekste)
Skryf en aanbied	3 uur 30 min.
Taalstrukture en -konvensies	1 uur
*Taalstrukture en -konvensies en hulle gebruike word binne die tydstoekenning van die vier taalvaardighede geïntegreer. Daar word ook tyd toegeken vir formele oefening. Denk- en beredeneringsvaardighede is geïnkorporeer in die vaardighede en strategieë wat benodig word vir Luister en praat, Lees en kyk, en vir Skryf en aanbied.	

(DBO 2012:12)

Deur middel van die kommunikatiewe benadering word al die vaardighede saamgesnoer en vorm volgens Cloete en Engelbrecht (2013:35) 'n kommunikasieweb. Dit kom daarop neer dat alle taalvaardighede op die een of ander wyse aan mekaar verbonde is en daarom kan die vaardighede nie los van mekaar onderrig word nie. Dit is baie belangrik dat die taalonderwyser die

verskeie vaardighede kollektief onderrig om sodoende te verseker dat leerders se kommunikatiewe vaardighede ontwikkel (Cloete en Engelbrecht 2013:35).

'n Geïntegreerde benadering steun op 'n teksgebaseerde benadering, maar bevat ook komponente van die kommunikatiewe en prosesgebaseerde benaderings (Lawrence e.a. 2014:254). Dié benadering vereis dat al die bogenoemde vaardighede geïntegreer by lesplanne ingewerk moet word (Lawrence e.a. 2014:254). Met ander woorde, daar moet in elke les in 'n mate geluister en gepraat word, gelees en gekyk word, geskryf en aangebied word, en laastens moet taalstrukture en -konvensies ook in die les geïnkorporeer word, ongeag watter tipe les onderrig word.

### 2.2.3 Teksgebaseerde benadering

Die teksgebaseerde benadering vereis van leerders om met allerlei tekste bemoeienis te maak. Om lees- en kykvaardighede te ontwikkel, moet leerders leer om ontledend en evaluerend na 'n verskeidenheid tekste te kan kyk (Lawrence e.a. 2014:253). Wanneer leerders na verskeie tekste luister en kyk, en die tekste ook lees en evalueer, kan hulle 'n goeie insig ontwikkel oor hoe tekste saamgestel word en watter uitwerking tekste op hulle en die mense om hulle kan hê (Lawrence e.a. 2014:253). Daar word ook volgens Lawrence e.a. (2014:13) van leerders verwag om hulle eie tekste te produseer (Skryf en aanbied), wat gepas is vir die spesifieke gehoor waarvoor dit geskryf is; daarom is dit ook noodsaaklik vir leerders om met verskeie tekste om te gaan.

Die doel van die teksgebaseerde benadering is volgens Cloete en Engelbrecht (2013:36) om leerders toe te rus om ondersoekende en vaardige skrywers, lesers en kykers te word. Leerders leer dus om ontledend en verstandig met verskillende tekste om te gaan. Lawrence e.a. (2014:253) noem dat 'n wye verskeidenheid tekste vir hierdie benadering gebruik kan word, byvoorbeeld visuele of grafiese tekste, sowel as literêre en nie-literêre tekste, maar dit is belangrik om gepaste en aktuele tekste te kies wat poog om nie aanstoot te gee nie.

### 2.2.4 Prosesgeoriënteerde benadering

Die prosesgeoriënteerde benadering vereis dat leerders, nadat hulle na tekste gekyk het, hulle eie tekste vir byvoorbeeld mondelinge of ander soorte skriftelike tekste saamstel (Cloete en Engelbrecht 2013:36). Vir leerders om hulle eie tekste te kan saamstel, moet hulle, volgens Lawrence e.a. (2014:14), 'n paar spesifieke prosesse volg om by die punt te kom waar hulle 'n goeie eindproduk kan aanbied. Elke vaardigheid, soos gestipuleer in die KABV, vereis dat spesifieke prosesse gevolg word – hierdie prosesse sluit byvoorbeeld in die beplanning van die skryf van 'n teks, die redigering van die teks, en die herskryf van die teks (Lawrence e.a. 2014:14). Tydens die prosesgeoriënteerde benadering leer leerders hoe om hulle eie gedagtes doeltreffend te orden en hoe om hulleself op 'n volwasse en selfstandige manier uit te druk (Cloete en Engelbrecht 2013:36).

Voorts word inligting oor die vier taalvaardighede verskaf.

## 2.3 Taalvaardighede in die KABV

Soos voorheen bespreek, is die vaardighede wat deur die KABV verlang word: Luister en praat, Lees en kyk, Skryf en aanbied, en Taalstrukture en -konvensies (DBO 2011:9). Die inligting oor die KABV wat in hierdie afdeling bespreek word, dien as grondslag van die studie wat onderneem is. Dié inligting word gebruik om die handboek *Piekfyn Afrikaans vir Graad 8 Huistaal* te evalueer en die resultate sal daarna bespreek word.

### 2.3.1 *Luister en praat*

Luister en praat word as die kern van alle ander leervakke beskou, want sodra leerders doeltreffende luister- en praatstrategieë ontwikkel, kan hulle effektief met mense om hulle kommunikeer, en kan hulle as afgeronde jong volwassenes die wêreld ingaan (DBO 2011:14).

Die KABV vereis dat leerders vir spesifieke inligting moet kan luister; vir begrip en om te kan kommunikeer; vir kritiese ontleding en evaluering; en vir waardering en reaksie (DBO 2011:16). Hierdie vaardighede word geassesseer deur gebruik te maak van luistertoetse, voorbereide en onvoorbereide mondelinge, en voorbereide en onvoorbereide hardoplees (DBO 2011:126).

### 2.3.2 *Lees en kyk*

Regoor die kurrikulum word goeie leesvaardighede as die basis beskou om suksesvolle leer te verseker. Dit word ontwikkel deur na verskeie tekste te kyk, literêr en nie-literêr (DBO 2011:26). Daar is drie aksies wat tydens die leesproses uitgevoer moet word, naamlik prelees, lees en postlees (DBO 2011:27). Lees en kyk behels dat leerders met verskeie tekste kan omgaan en terselfdertyd kan verstaan wat hulle lees (Lawrence e.a. 2014:126).

Die KABV (DBO 2011:27) vereis dat leerders moet kan lees vir begrip, vir formele studie, asook vir uitgebreide selfstandige lees. Hierdie vaardighede word geassesseer deur gebruik te maak van voorbereide en onvoorbereide hardoplees sowel as van assesserings soos begripstoetse en letterkundevraestelle (DBO 2011:26).

### 2.3.3 *Skryf en aanbied*

Skryf is 'n gedugte en kragdadige vorm van kommunikasie, 'n vaardigheid wat leerders bemagtig om hulle denke en menings logies te orden en om sodoende hulle menings te lug (DBO 2011:37). Wanneer leerders gereeld aan skryfoefeninge blootgestel word wat oor 'n verskeidenheid onderwerpe en kontekste handel, sal hulle kommunikasievermoë en kreatiwiteit verbeter (DBO 2011:37). Skryf is 'n belangrike vaardigheid, omdat dit leerders nie net help om goed te kommunikeer nie, maar dit ook leerders se taalkennis en spelvermoë verbeter (DBO 2011:37).

Wanneer skryf onderrig word, moet die leerders die volledige skryfproses deurwerk – naamlik beplan, skryf, hersien, redigeer, proeflees en aanbied (DBO 2011:37). Hierdie vaardighede word geassesseer deur van leerders te verwag om opstelle en langer en korter transaksionele tekste soos dagboekinskrywings en formele briewe te skryf (DBO 2011:126).

### 2.3.4 *Taalkonvensies*

Taalstrukture en -konvensies verwys na die grammatikale reëls van die taal, wat belangrik is omdat die verskeie vaardighede nie toegepas kan word sonder 'n goeie begrip van die struktuur van die taal nie (DBO 2011:50). Soos enige ander taal het Afrikaans norme en standaarde wat die taalgebruiker moet nastreef om doeltreffend te kan kommunikeer en hierdie grammatikale beginsels moet op 'n praktiese manier deur die onderwyser onderrig word (Lawrence e.a. 2014:200).

Leerders se taalleer en woordeskat verbeter wanneer hulle op 'n gereelde basis lees; daarom is lees 'n uiters belangrike element wat bydra tot die onderrig van taalstrukture en -konvensies (DBO 2011:50). Daar word van onderwysers verwag om taalstrukture en -konvensies

geïntegreer saam met al die ander vaardighede te onderrig en dit word geassesseer deur middel van taalvraestelle waarvan begripstoetse (kontekstueel sowel as visueel) ’n integrale deel uitmaak (DBO 2011:126).

### 3. Beskrywende navorsingsmetodologie

#### 3.1 Inleiding

In hierdie studie word ’n beskrywende navorsingsmetodologie gevolg met ’n spesifieke fokus op die dokumentontledingmetode. Die navorsingsontwerp is kwalitatief. Die data bestaan uit ’n evaluering van die handboek *Piekfyn Afrikaans vir Graad 8 Huistaal* deur van triangulasie gebruik te maak. Hiervolgens is die volgende meetinstrumente ingespan: die KABV-dokument, die jaarlikse onderrigplan, en die drie tabelle in Lawrence e.a.(2014) wat spesifieke kriteria vir die evaluering van handboeke verskaf.

#### 3.2 Dokumentontleding

Volgens Aspers en Corte (2019:139) en Siedlecki (2020:8) is die doel van die beskrywende navorsingsmetodologie om individue, reekse voorvalle en spesifieke toestande te beskryf deur dit in hulle natuurlike vorm te bestudeer; dit wil sê, sonder enige bemiddeling van die navorser. Die veranderlikes wat in so ’n studie gebruik word, word nie deur die navorser gemanipuleer nie, maar word deur die navorser beskryf (Siedlecki 2020:8). Binne die beskrywende navorsingsmetode kan die navorsers baie verskillende veranderlikes ondersoek, maar Siedlecki (2020:8) is van mening dat dit die enigste metode is waarvolgens die navorsers slegs een veranderlike op ’n slag krities kan bestudeer.

Ek maak van ’n dokumentontleding as my navorsingsmetode gebruik. Bowen (2009:27) beskryf dokumentontleding soos volg: Dit is ’n sistematiese werkwysie om gedrukte of elektroniese dokumente te evalueer of te beoordeel. Nes ander ontledingsmetodes in kwalitatiewe navorsing, vereis die dokumentontledingsmetode volgens Bowen (2009:27) dat data nagegaan, uiteengesit en verwerk moet word sodat dit betekenis kan opwek wat tot empiriese insig kan lei.

Dokumentontleding word dikwels saam met ander kwalitatiewe navorsingsmetodes gebruik as ’n manier om triangulasie te bewerkstellig (Bowen 2009:28). Triangulasie geskied wanneer metodologieë in ’n studie van dieselfde verskynsel gekombineer word (Bowen 2009:28). Volgens Bowen (2009:27) word daar tydens triangulasie van die navorser vereis om op verskeie bronne (’n minimum van twee) te steun.

Triangulasie voorsien volgens Bowen (2009:28) ’n samevloeiing van bewyse wat betroubaar en geloofwaardig is. Wanneer die navorser inligting wat deur verskeie metodes ingewin is, ondersoek, kan die navorser inligting oor diverse datastelle staaf en sodoende kan potensiële vooroordele van een stel data voorkom word (Bowen 2009:28).

Omdat ek ’n handboek ontleed, wou ek ’n verskeidenheid meetinstrumente gebruik om te bepaal of die data mekaar ondersteun of weerspreek.

#### 3.3 Metingsinstrumente

Om die *Piekfyn*- voorgeskrewe handboek te evalueer en krities te ondersoek, is daar van drie meetinstrumente gebruik gemaak ten einde triangulasie van die data te verseker. Eerstens word

die KABV-vereistes uiteengesit, gevolg deur die jaarlikse onderrigplan en laastens tabelle uit Lawrence e.a. (2014).

### 3.3.1 KABV

Op grond van die inligting wat in die KABV ten opsigte van die vier taalvaardighede en die vier taalonderrigbenaderings verskaf is, het ek die onderstaande tabel saamgestel om in my ontleding en evaluering te gebruik.

**Tabel 2. KABV-vereistes**

Vaardighede	Kom dit in die handboek voor? Ja = ✓ Nee = ✗
Luister en praat	
Lees en kyk	
Skryf en aanbied	
Taalstrukture en -konvensies	
Benaderings	
Kommunikatiewe benadering	
Teksgebaseerde benadering	
Prosesgebaseerde benadering	
Geïntegreerde benadering	

### 3.3.2 Jaarlikse onderrigplan

Die onderrigplan gee vir die onderwyser 'n aanduiding van die minimum inhoud wat in 'n tweeweekse siklus onderrig moet word (DBO 2011:55). Onderwysers hoef nie so streng voor-skriftelik by die tyd te hou nie – die plan gee bloot 'n aanduiding van hoe lank dit behoort te duur om die inhoud te dek (DBO 2011:55).

'n Spesifieke tema of onderwerp kan vir die tweeweekse siklus gekies word en dan kan aktiwiteite en die verlangde vaardighede maklik aan die tema koppel, maar die tekste wat gebruik word, hoef nie deurgaans op mekaar te volg nie (DBO 2011:55). Die enigste vereiste van die KABV is dat alle tekste geïntegreerde onderrig moet kan toelaat – ook die taalstrukture en -konvensies moet geïntegreer onderrig word (DBO 2011:56). Die KABV stel geen vereistes voor vir die soort tekste waarmee daar gewerk moet word nie, solank die tekste aktueel en relevant vir die leerders is en tot die leerder se leefwêreld spreek (DBO 2011:56).

Buiten die onderrigplan, soos uiteengesit in die KABV, verskaf die Departement van Basiese Onderwys (2021) 'n bykomende hersiene jaarlikse onderrigplan wat, soos die onderrigplan in die KABV, die minimum kerninhoud en vaardighede per vak uiteensit, wat ook beplanning vir tweeweekse siklusse verskaf. Elke jaarlikse onderrigplan bevat 'n weeklikse plan vir elke kwartaal, insluitend kernbegrippe, vaardighede en waardes wat geleer moet word (DBO 2011:55). In wese is dit 'n gids wat die vaardighede bevat wat die leerders moet bemeester wat deur die onderwysers gebruik kan word.

Soms kan die Departement van Basiese Onderwys die jaarlikse onderrigplanne wysig wanneer daar omstandighede is wat onderrig beïnvloed wat buite hulle beheer is. Die DBO (2021) het byvoorbeeld 'n meerjarige kurrikulumherstelbenadering vir 2021–2023 ingestel in reaksie op die impak wat die Covid-19-pandemie op onderrig en leer gehad het.

Die hersiene onderrigplanne is daar om onderwysers te help om te fokus op wat die belangrikste is, en om die leerders op só 'n manier deur onderrig te lei dat dit die impak kan versag wat Covid-19 op leer en onderrig gehad het (DBO 2021). Die departement kan ook veranderinge aan die onderrigplan aanbring, soos wanneer daar elke jaar na die matriekeindeksamen vraestelle ontledings van die vraestelle gedoen word, en soos daar sekere probleemareas geïdentifiseer kan word waaraan bykomende aandag geskenk moet word.

Hieronder volg 'n voorbeeld van die hersiene jaarlikse onderrigplan, soos verskaf deur die DBO (2021:1).

**Tabel 3. Voorbeeld van onderrigplan**

GRAAD 8 – KWARTAAL 1				
Weke	Luister en Praat	Lees en Kyk	Skryf en Aanbied	Taalstrukture en Konvensies
Gestandaardiseerde grondslagassesseringstoets en oriëntering gedurende die eerste drie dae van die termyn – Dag 1 tot 3. Die data word aangeteken sodat leerders se bevoegdheid en leergapings geïdentifiseer kan word. Die inligting moet gebruik word om die daaropvolgende leer- en onderrigaktiwiteite te bepaal.				
<b>Week 1–2</b>	<p><b>Luister-en-praat-strategieë oor visuele of multi-mediateks</b></p> <p><b>Bestudeer strooibiljette</b></p> <p>Organiseer sinstrukture samehangend</p> <p>Identifiseer korrekte woordeskat en taalstrukture</p> <p><b>Reageer op teks</b></p> <p>Effektiewe inleiding en slot</p> <p><b>Klasbespreking (onderwyser lei)</b></p> <p>gebaseer op strooibiljette</p> <p>Kenmerke van teks</p> <p>Konvensies en struktuur van teks</p> <p>Taalgebruik</p> <p>Register en styl</p>	<p><b>Lees strooibiljette</b></p> <p>'n Dokument wat inligting opsommend en kernagtig weergee</p> <p>Dit word meestal as 'n gevoude pamflet versprei</p> <p><b>Volg die leesproses</b></p> <p><b>Prelees</b></p> <p>Lei teks in</p> <p><b>Gedurende lees</b></p> <p>Kenmerke van teks</p> <p><b>Postlees</b></p> <p>Beantwoord vrae, vergelyk, kontrasteer, evalueer</p> <p><b>Leesstrategieë</b></p> <p>Vluglees, soeklees, feite en menings, hoof- en ondersteunende gedagtes, afleidings en gevolgtrekkings</p>	<p><b>Transaksionele tekste</b></p> <p><b>Skryf/ontwerp 'n strooibiljet</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Kenmerke van teks</li> <li>• Gepaste taalgebruik</li> <li>• Register en styl</li> <li>• Inleiding en afsluiting</li> </ul> <p><b>Skryf/ontwerp 'n strooibiljet gebaseer op 'n visuele stimulus</b></p> <p>Fokus op die skryfproses</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Beplanning</li> <li>• Konsep</li> <li>• Hersiening</li> <li>• Redigering</li> <li>• Proeflees en aanbieding</li> </ul>	<p><b>Vaslegging van taalstrukture en konvensies wat in vorige grade gedek is</b></p> <p><b>Woordvlakwerk</b></p> <p>tussenwerpsels en uitroepe</p> <p><b>Sinsvlakwerk</b></p> <p>enkelvoudige sinne, teenwoordige tyd, verlede tyd, byvoeglike naamwoorde, bywoorde, partydigheid; vooroordeel; stereotipering</p> <p><b>Betekenisleer en woordeskatuitbreiding</b></p> <p>idiomatiese taalgebruik/ spreekwoorde; kontekstuele; letterlike (denotasie); en figuurlike (konnotasie) betekenis van woorde</p> <p><b>Lees- en skryftekens</b></p> <p>komma; punt; aanhalingstekens; uitroepstekens; afkappingstekens; skuinsstreep; ellips</p> <p><b>Woordeskat binne konteks remediërende taalonderrig, na aanleiding van taalfoute tydens skryfaktiwiteite</b></p>

Ek gebruik 'n tweeweeklikse siklus in tabelvorm om een module van die handboek te evalueer.

### 3.3.3 Lawrence e.a. (2014)

Lawrence e.a.(2014) verskaf riglyne waarvolgens handboeke ontleed kan word om te bepaal of die boeke voorgeskryf kan word. Eerstens is daar spesifieke vereistes waaraan die handboek moet voldoen. Daarna word die handboek se gehalte volgens sekere vereistes bepaal en laastens word daar bepaal of die handboek aan die vereistes vir goedgekose tekste voldoen.

**Tabel 4. Lawrence e.a. (2014)**

#### 1. Kriteria vir oorsigtelike evaluering

Die handboek moet	Uitstekend	Goed	Redelik	Onvoldoende
'n effektiewe en leerdervriendelike instrument vir onderrig en leer wees;				
visueel stimulerend en gepas wees;				
fokus op kennis en konsepte wat van die bekende na die onbekende beweeg;				
oor 'n wye verskeidenheid duidelike leeraktiwiteite beskik; en				
'n verskeidenheid kognitiewe denkvlakke insluit.				

(Lawrence e.a. 2014:81)

#### 2. Die bepaling van handboekgehalte

Ten opsigte van inhoud moet die handboek:	Uitstekend	Goed	Redelik	Onvoldoende
ten volle voldoen aan die vereistes van die nasionale skoolkurrikulum;				
nie net aan inhoud en vaardighede aandag gee nie, maar ook aan die ontwikkeling van insig en begrip van leerders;				
korrek, relevant, aktueel en byderwets wees;				
se taal by die ouderdoms-/ ontwikkelingsvlak van die bepaalde groep leerders pas (kyk die leesbaarheids-indeks van tekste);				
se tekste suksesvol gekies word en by die bepaalde groep se behoeftes aansluit; en				
voldoen aan alle vereistes wat aan die bepaalde struktuur en eienskappe van spesifieke tekste gestel word.				
Ten opsigte van aanbieding moet die handboek:	Uitstekend	Goed	Redelik	Onvoldoende
nie te min of te veel inligting gee nie, wel relevante inligting;				
benaderings volg wat die nasionale kurrikulum voorskryf;				
duidelik en koherent wees en gemaklik van een onderwerp/konsep na die volgende vloei;				
goed en duidelik gestruktureer wees sodat inligting met gemak gevind word; en				
se belangrike inligting uitstaan en daar behoort 'n opsomming van inligting en kennis te wees.				

Ten opsigte van aktiwiteite en assessering moet die handboek:	Uitstekend	Goed	Redelik	Onvoldoende
oor 'n wye verskeidenheid uitdagende aktiwiteite beskik;				
se assesseringsaktiwiteite sinvol versprei wees asook aan die nasionale skoolkurrikulum se voorskrifte voldoen;				
alle kognitiewe denkvlakke dek;				
scenario's insluit wat konsepte integreer en tot probleemoplossing, kreatiewe en kritiese denke lei; en				
se aktiwiteite tot effektiewe leer aanleiding gee.				

(Lawrence e.a. 2014:82–3)

### 3. Voldoen aan vereistes vir goed gekose tekste

Ten opsigte van tekskeuses:	Uitstekend	Goed	Redelik	Onvoldoende
Is daar tematiese georganiseerde tekste per eenheid/ hoofstuk?				
Is daar 'n verskeidenheid tekste per eenheid/hoofstuk?				
Weerspieël dit die diverse Suid-Afrikaanse werklikheid?				
Is temas en tekste byderwets en aktueel en prikkel dit die leerders se belangstelling?				
Sluit die tekste aan by die graad en groep se leef-, belangstellings- en ervaringswêreld – spreek dit werklik tot die leerders?				
Word die multikulturele samelewing van Suid-Afrika in tekste verken?				
Kom oordrewe politieke korrektheid voor?				
Word leerders aan 'n wye verskeidenheid tekstipes (geskrewe en visueel) blootgestel?				
Geniet die kenmerke van tekstipes aandag?				
Is die leesindeks gepas vir die graad en groep?				
Word leerders aan nuwe woordeskat en beeldende taal blootgestel?				
Ten opsigte van tekskeuses:	Uitstekend	Goed	Redelik	Onvoldoende
Is die aard van die temas opbouend, positief en vol hoop en vertroue (en nie altyd moraliserend nie) en word die regte waardes ondersteun vir die bepaalde graad en groep?				
Word die kurrikulum ten opsigte van al die taalvaardighede gedek?				
Word 'n geïntegreerde benadering gevolg?				
Word 'n prosesbenadering gevolg?				
Word 'n kontekstuele benadering gevolg?				

Ten opsigte van tekskeuses:	Uitstekend	Goed	Redelik	Onvoldoende
Is daar in aktiwiteite voorsiening gemaak vir meer-voudige intelligensies?				
Is die tekste uitdagend en interessant vir leerders van die 21ste eeu?				
Stimuleer die tekste leerders om meer te wil lees?				
Word Afrikaanse taalverskeidenheid erken?				
Verbreed leerinhoud leerders se horisonne?				
Is daar gebalanseerde verhouding ten opsigte van die hantering van die taalvaardighede?				

(Lawrence e.a. 2014:83–4)

Die metodiek wat in hierdie afdeling bespreek is, is gevolg om die handboek *Piekfyn Afrikaans vir Graad 8 Huistaal* (Viljoen e.a. 2013) te evalueer. Die meetinstrumente om die handboek te evalueer, word in die volgende afdeling gebruik en die resultate sal daarna verder bespreek word.

## 4. Evaluering en bevindinge

### 4.1 Inleiding

Die handboek is, anders as gewoonlik, nie in hoofstukke verdeel nie, maar in 18 modules. Daar is twee soorte hulpmiddels wat regdeur die handboek voorkom: “Pitkos” en “In ’n neutedop”. “Pitkos” verskaf aantekeninge oor lees- en skryfprosesse en “In ’n neutedop” verskaf aantekeninge oor letterkunde en taalstrukture. In die studie waarop die artikel gebaseer is, is ses modules geëvalueer. As gevolg van die lengtebeperking en om onnodige herhaling te voorkom, word slegs een module, naamlik Module 6, uit die handboek hier bespreek. Ek het dié module gekies, omdat dit ’n module is met ’n oorhoofse tema van globalisering waarmee tieners kan identifiseer.

Die module word eerstens volgens die KABV geëvalueer; daarna volgens die jaarlikse onderrigplan; en laastens volgens Lawrence se drie tabelle, waarna ’n bespreking van die evaluering volg.

### 4.2 Module 6: Globalisering – die wêreld aan jou voete met die druk van ’n knoppie

In dié module word daar gekyk na interessante oomblikke in die ontwikkeling van die aarde sowel as in die ontwikkeling van die mens. Die leerders oefen om hulle leesspoed te verbeter en hulle leer hoe om ’n teks te verkort. Daar word na verskeie visuele tekste gekyk en die leerders maak kennis met verskeie letterkundige begrippe soos vergelykings, personifikasie, tipografie, ensovoorts. Die taalkundige aspekte waarna daar in die module gekyk word, sluit sinonieme en antonieme, bywoorde, telwoorde, tussenwerpsels en interpunksie in.

Op grond van die tabel wat ek uit die KABV saamgestel het, is ek van mening dat die module aan die vereistes van die KABV voldoen – kyk na tabel 5 hieronder.

**Tabel 5. Evaluering volgens die KABV**

Vaardighede	Kom dit in die handboek voor? Ja = ✓ Nee = ✗
Luister en praat	✓
Lees en kyk	✓
Skryf en aanbied	✓
Taalstrukture en -konvensies	✓
<b>Benaderings</b>	
Kommunikatiewe benadering	✓
Teksgebaseerde benadering	✓
Prosesgebaseerde benadering	✓
Geïntegreerde benadering	✓

Vervolgens word Module 6 met die jaarlikse onderrigplan vergelyk – kyk tabel 6. Ek gee in die eerste gedeelte van die tabel die vereistes soos deur die jaarlikse onderrigplan gegee is en daarna wat in Module 6 van die handboek voorkom.

**Tabel 6. Evaluering volgens die jaarlikse onderrigplan**

Kwartaal 2 Week: 1–2	Luister en praat	Lees en kyk	Skryf en aanbied	Taalstrukture en -konvensies
<b>Onderrigplan (DBO 2021:7)</b>	<b>Luisterbegrip</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>Luisterproses</li> <li>Skryfproses</li> </ul> <b>Luister na/kyk na 'n uittreksel uit 'n roman</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>Onderrig van kenmerke en konvensies</li> <li>Doen beplanning en navorsing</li> <li>Kies styl, register en woordeskat</li> <li>Maak beurte</li> </ul> Gebruik oorredingstegnieke	<b>Literêre teks: Roman</b> Belangrikste kenmerke van 'n letterkundige teks soos karakter, karakteruitbeelding, intrige, konflik, agtergrond, ruimte, verteller en tema <b>Volg die leesproses:</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>Prelees (Lei teks in)</li> <li>Gedurende lees (Kenmerke van die teks)</li> <li>Postlees (Beantwoord vrae, vergelyk, kontrasteer, evalueer)</li> </ul>	<b>Beskrywende opstel gebaseer op drama</b> Korrekte formaat en vereistes <ul style="list-style-type: none"> <li>Organiseer inhoud (breinkaart)</li> <li>Hoof- en ondersteunende gedagtes</li> <li>Kern- en ondersteunende gedagtes</li> <li>Logiese opeenvolging van paragrawe</li> <li>Gebruik van voegwoorde vir samehang</li> <li>Taalkonvensies</li> </ul> <b>Fokus op skryfproses</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>Beplanning</li> <li>Konsep</li> <li>Hersiening</li> <li>Redigering</li> </ul> Proeflees en aanbied Skryf beskrywende opstel	<b>Woordvlakwerk:</b> Bywoorde van tyd en plek <b>Sinsvlakwerk:</b> Korrekte woordorde, vraagvorme, eufemisme, sinstrukture, styl, toon en register <b>Betekenisleer en woordeskatuitbreiding:</b> figuurlike, letterlike, kontekstuele betekenis Leestekens en spelling: afkortings, vraagtekens, uitroepetekens, punt, komma Woordeskat binne konteks Remediërende taalonderrig, na aanleiding van taalfoute tydens skryfaktiwiteite

Laastens evalueer ek Module 6 aan die hand van Lawrence e.a. (2014:81–4) se drie tabelle.

**Tabel 7. Evaluering volgens Lawrence e.a. (2014)**

**1. Kriteria vir oorsigtelike evaluering**

Die handboek moet	Uitstekend	Goed	Redelik	Onvoldoende
'n effektiewe en leerdervriendelike instrument vir onderrig en leer wees;			×	
visueel stimulerend en gepas wees;		×		
fokus op kennis en konsepte wat van die bekende na die onbekende beweeg;		×		
oor 'n wye verskeidenheid duidelike leeraktiwiteite beskik; en	×			
verskillende kognitiewe denkvlakke insluit.			×	

**2. Die bepaling van handboekgehalte**

Ten opsigte van inhoud moet die handboek	Uitstekend	Goed	Redelik	Onvoldoende
ten volle voldoen aan die vereistes van die nasionale skoolkurrikulum;	×			
nie net aan inhoud en vaardighede aandag gee nie, maar ook aan die ontwikkeling van insig en begrip van leerders;		×		
korrek, relevant, aktueel en byderwets wees;			×	
se taal by die ouderdoms-/ ontwikkelingsvlak van die bepaalde groep leerders pas (kyk die leesbaarheidsindeks van tekste);		×		
se tekste suksesvol gekies word en by die bepaalde groep se behoeftes aansluit;			×	
aan al die vereistes wat aan die bepaalde struktuur en eienskappe van spesifieke tekste gestel word voldoen;		×		
nie te min of te veel inligting gee nie, wel relevante inligting;			×	
benaderings volg wat die nasionale kurrikulum voorskryf;	×			
duidelik en koherent wees en gemaklik van een onderwerp/konsep na die volgende vloei;		×		
goed en duidelik gestruktureerd wees sodat inligting met gemak gevind word; en			×	
se belangrike inligting uitstaan en behoort daar 'n opsomming van inligting en kennis te wees.		×		

<b>Ten opsigte van aktiwiteite en assessering moet die handboek</b>	<b>Uitstekend</b>	<b>Goed</b>	<b>Redelik</b>	<b>Onvoldoende</b>
oor 'n wye verskeidenheid uitdagende aktiwiteite beskik; en			×	
se assesseringsaktiwiteite sinvol versprei wees asook aan die nasionale skoolkurrikulum se voorskrifte voldoen.				×
<b>Ten opsigte van aktiwiteite en assessering moet die handboek</b>	<b>Uitstekend</b>	<b>Goed</b>	<b>Redelik</b>	<b>Onvoldoende</b>
alle kognitiewe denkvlakke dek;			×	
scenario's wat konsepte integreer en tot probleemoplossing, kreatiewe en kritiese denke lei, insluit; en			×	
se aktiwiteite tot effektiewe leer aanleiding gee.			×	

### 3. Voldoen aan vereistes vir goedgekose tekste

<b>Vrae ten opsigte van tekskeuses</b>	<b>Uitstekend</b>	<b>Goed</b>	<b>Redelik</b>	<b>Onvoldoende</b>
Is daar tematiiese georganiseerde tekste per eenheid/hoofstuk?	×			
Is daar 'n verskeidenheid tekste per eenheid/hoofstuk?		×		
Weerspieël dit die diverse Suid-Afrikaanse werklikheid?				×
Is temas en tekste byderwets en aktueel en prikkel dit die leerders se belangstelling?		×		
Sluit die tekste aan by die graad en groep se leef-, belangstelling- en ervaringswêreld – spreek dit werklik tot die leerders?		×		
Word die multikulturele samelewing van Suid-Afrika in tekste verken?				×
Kom oordrewe politieke korrektheid voor?				×
Word leerders aan 'n wye verskeidenheid tekstipes (geskrewe en visueel) blootgestel?		×		
Geniet die kenmerke van tekstipes aandag?		×		
Is die leesindeks gepas vir die graad en groep?		×		
Word leerders aan nuwe woordeskat en beeldende taal blootgestel?			×	
Is die aard van die temas opbouend, positief en vol hoop en vertroue (en nie altyd moraliserend nie) en word die regte waardes ondersteun vir die bepaalde graad en groep?		×		

Vrae ten opsigte van tekskeuses	Uitstekend	Goed	Redelik	Onvoldoende
Word die kurrikulum ten opsigte van al die taalvaardighede gedek?	×			
Word 'n geïntegreerde benadering gevolg?	×			
Word 'n prosesbenadering gevolg?	×			
Word 'n kontekstuele benadering gevolg?	×			
Is daar in aktiwiteite voorsiening gemaak vir meer-voudige intelligensies?		×		
Is die tekste uitdagend en interessant vir die leerders van die 21ste eeu?			×	
Stimuleer die tekste leerders om meer te wil lees?			×	
Word erkenning aan Afrikaanse taalverskeidenheid gegee?				×
Verbreed leerinhoud leerders se horison?		×		
Is daar gebalanseerde verhouding ten opsigte van die hantering van die taalvaardighede?	×			

### 4.3 Bevindinge

Module 6 bevat, soos daar in tabel 5 geïllustreer word, al vier die taalvaardighede sowel as al vier onderrigbenaderings, soos vereis deur die KABV. Soos in tabel 6 geïllustreer word, stem die onderrigplan en die inhoud van Module 6 in die handboek in 'n mate ooreen.

Die onderrigplan vereis in kwartaal 2 by week 1–2 vir die vaardigheid “Luister en praat” dat die leerders 'n luisterbegripstoets moet aflê. Die leerders moet luister en kyk na 'n uittreksel van 'n roman terwyl die handboek 'n luisterteks bevat wat handel oor instruksies en 'n groepsgesprek wat handel oor 'n baluchitherium. Dus verskil die onderrigplan van die handboek.

By die vaardigheid “Lees en kyk” vereis die onderrigplan dat die leerders 'n roman moet lees. Daar moet voorts op belangrike kenmerke van 'n letterkundige teks gefokus word, soos: karakters, karakterbeelding, intrige en dies meer. Verder moet die leerders ook die leesproses volg. Volgens die handboek moet leerders 'n teks lees en sodoende die leesproses volg, maar hulle kyk na 'n gedig en poëtiese terme en nie na 'n roman soos deur die onderrigplan vereis word nie. Daar word wel gekyk na 'n kortverhaal en na verskillende letterkundige kenmerke wat in die verhaal geïdentifiseer kan word.

Volgens die onderrigplan moet die leerders by die vaardigheid “Skryf en aanbied” 'n beskrywende opstel skryf en hulle moet die skryfproses toepas. Daarteenoor moet die leerders volgens die handboek instruksies en aanwysings skryf.

Die onderrigplan vereis by die vaardigheid “Taalstrukture en -konvensies” dat die leerders op die volgende aspekte moet fokus: bywoorde van tyd en plek, woordorde, vraagvorme, eufemismes, sinstrukture, styl, toon en register, figuurlike, letterlike en kontekstuele betekenis, afkortings, vraagtekens, uitroeptekens, punte en kommas. Die handboek fokus op van dieselfde

bogenoemde aspekte, soos die bywoord en interpunksie. Verder fokus die handboek ook op ander aspekte wat nie deur die onderrigplan vir die week vereis word nie, soos antonieme, sinonieme, paronieme, homofone, homonieme, die telwoord en tussenwerpsels.

Aan die hand van my evaluering is ek van mening dat Module 6 slegs 'n redelik effektiewe en leerdervriendelike instrument vir onderrig en leer is, omdat die uitleg en die ontwerp van die boek die inligting chaoties en verwarrend laat voorkom.

Die aantekeninge onder “Pitkos” en “In 'n neutedop” is veronderstel om leer te vergemaklik, maar dit dra grootliks daartoe by dat die boek deurmekaar voorkom, veral omdat die letterkunde- en taalnotas albei in dieselfde blokkie voorkom. Dit is verwarrend en die onderwyser of die leerder moet soek na watter inligting taal is en watter letterkunde is. Belangrike inligting kan makliker gevind word deur aanpassings te maak en dit óf in die “Pitkos”-blokkie, óf in die “In 'n neutedop”-blokkie te plaas.

In die middel van 'n aktiwiteit word die aktiwiteit onderbreek met 'n blok taalnotas. Dit sal beter wees as die aktiwiteit eers eindig en die notas daarna volg. Na die notas kan 'n nuwe aktiwiteit begin. Alternatiewelik kan die notas voor die aktiwiteit geplaas word. Soos wat die notas tans in die middel van 'n aktiwiteit voorkom, kan dit verwarring skep.

Die prente in die module is visueel stimulerend en sluit bevredigend by die oorhoofse tema van die module aan. Alle konsepte beweeg goed van die bekende na die onbekende en daar word op die leerders se voorafkennis gebou. Die leerders werk byvoorbeeld met verskeie letterkundige aspekte soos vergelyking en personifikasie, sowel as met tema en boodskap. Hulle pas dan die kennis toe op 'n gedig sowel as op 'n volksverhaal wat later in die module volg.

Module 6 bevat 'n wye verskeidenheid leeraktiwiteite. Nie alle aktiwiteite sluit al die moontlike kognitiewe denkvlakke<sup>3</sup> in nie. Daar is baie vrae op vlak een (“Letterlik”), vlak twee (“Herorganisering”) en vlak vyf (“Waardering”), maar byna geen vrae op vlak drie (“Aflleiding”) en vlak vier (“Evaluering”) nie. Vlak drie- en vier-vrae kom slegs by die begrip- en letterkundevrae voor, aangesien dié aktiwiteite alle kognitiewe denkvlakke insluit. Die aktiwiteite maak voorts voorsiening vir onderrig op al die meervoudige intelligensies,<sup>4</sup> soos groepgesprekke vir die ouditief-verbaal intelligente<sup>5</sup> en die kineties intelligente<sup>6</sup> leerders.

Daar is voldoende verskeidenheid tekste in dié module – soos byvoorbeeld inligtingstekste en 'n gedig. Daar is egter geen visuele tekste met vrae by nie. Dit wil sê, leerders kry nie die geleentheid om kritiese taalbewustheid in te oefen nie.

Hierdie module bevat soms woordeskat wat nie op die leerders se bevoegdheidsvlak is nie, byvoorbeeld “modus operandi”, “staatkundig” en “kapitaliste”. Daar is ook geen hulpmiddels wat leerders kan bystaan om hulle woordeskat in konteks uit te brei nie.

Volgens die Progress in International Reading Literacy Study- (PIRLS-) verslag (De Beer, De Jager, Du Toit, Gräbe, Taylor, Terblanche, Van Den Berg en Van Rooyen 2023) het Afrikaanse leerders 'n baie swak leesbegrip. Dit is duidelik uit die verslag dat leerders se leesvaardighede nie behoorlik op skoolvlak vasgelê word nie. As gevolg daarvan sukkel leerders om vrae in assesserings behoorlik te begryp en te interpreteer. Die probleem stop nie net op skoolvlak nie, maar eerstejaarstudente aan universiteite en kolleges sukkel om massas vakinligting te lees en te bemeester (De Beer e.a. 2023).

Uit my eie ervaring as onderwyser kan ek bogenoemde inligting bevestig. Dit is uiters kommerwekkend hoe gebrekkig die leerders se leesvermoë is en hoe arm hulle woordeskat is. By die skool waar ek werk, is daar onlangs 'n nuwe leeslaboratorium aangebou om die swak leesvermoë van ons leerders te probeer aanspreek.

Die meeste van die tekste in die module handel oor die groei en vooruitgang van die mens, sowel as die negatiewe impak wat die groei en vooruitgang van die mens op die aarde het. Dit is 'n interessante en aktuele onderwerp. Daar is wel elemente in sommige van die tekste wat nie meer so relevant is nie, byvoorbeeld die gedig wat in die module behandel word, handel oor die sosialemediaplatform, Facebook. Vandag se tieners maak nie juis meer gebruik van Facebook nie. Hulle gebruik eerder Instagram of TikTok. Daar word ook in een van die aktiwiteite verwys na BBM (Blackberry Messenger) wat reeds in Mei 2019 geskrap is. Deesdae maak leerders eerder gebruik van WhatsApp.

Die temas en tekste wat met globalisering in Module 6 skakel, is duidelik en koherent en vloei maklik van die een onderwerp na 'n volgende een. Daar is byvoorbeeld 'n inligtingstek wat oor die ontwikkeling en evolusie van diere handel, en dan is daar 'n volgende een wat oor globalisering en die vooruitgang van tegnologie handel.

Uit die bespreking kan daar afgelei word dat Module 6 aan die KABV se vereistes voldoen, maar die module verskil in 'n groot mate van die jaarlikse onderrigplan.

## 5. Gevolgtrekking

Hierdie navorsingsartikel lewer verslag oor 'n ondersoek wat afgehandel is en waarin ondersoek is in watter mate die handboek *Piekfyn Afrikaans Graad 8 Huistaal* voldoen aan die onderrigvereistes van die KABV-kurrikulum, asook in watter mate dit ooreenstem met die jaarlikse onderrigplan.

Dié afdeling bevat die gevolgtrekking waartoe gekom is met betrekking tot die drie navorsingsvrae waarop die studie gebaseer is. Die eerste navorsingsvraag het gegaan oor in watter mate daar in die voorgeskrewe handboek *Piekfyn Afrikaans Graad 8 Huistaal* voldoen word aan die vereistes van die KABV-kurrikulum. Volgens my ontleding van die KABV-dokument en Module 6, stem die handboek met die KABV se vereistes ooreen.

My tweede navorsingsvraag het gevra: In watter mate stem die voorgeskrewe handboek ooreen met die jaarlikse onderrigplan soos onderskryf deur die Departement van Basiese Onderwys?

Die handboek stem in 'n groot mate nie ooreen met die jaarlikse onderrigplan nie. Sommige aktiwiteite wat deur die onderrigplan vereis word, kom glad nie in die handboek voor nie. Baie van die aktiwiteite wat deur die onderrigplan vereis word, is wel in die handboek teenwoordig, maar dit val nie onder die korrekte kwartaal of week soos deur die jaarlikse onderrigplan gestipuleer word nie. Byvoorbeeld, by die vaardigheid “Skryf en aanbied” moet die leerders volgens die handboek 'n verhalende of beskrywende opstel in kwartaal 1, week 1–2 skryf, terwyl die onderrigplan vereis dat die leerders eers in kwartaal 2 week 1–2 'n beskrywende opstel moet skryf.

Die verskil tussen die onderrigplan en die handboek kan ook gesien word by die vaardigheid “Taalstrukture en -konvensies”. Byvoorbeeld, volgens die onderrigplan moet die leerders by kwartaal 1, week 5–6 werk met bywoorde, voornaamwoorde, byvoeglike bepalings, sinonieme

en antonieme en leestekens. In die handboek werk die leerders eers in kwartaal 2, week 1–2 met die bywoord en in kwartaal 2, week 5–6 met die voornaamwoord, ensovoorts. Daar is ook verskeie onnodige aktiwiteite in die handboek wat nie deur die onderrigplan vereis word nie, soos byvoorbeeld dat die leerders die digvorme haikoe en limeriek moet bestudeer, en daarby ook nog ’n sepie, ’n limeriek en ’n memorandum moet skryf.

Omdat die handboek nie met die jaarlikse onderrigplan ooreenstem nie, beteken dit dat daar in die handboek rondgespring moet word wanneer dit gebruik word. Die onderwysers moet ook vir sommige aktiwiteite en notas wat in die handboek ontbreek aanvullende notas vir die leerders laat afrol. Dis tydrowend en duur, en veroorsaak dat effektiewe leer nie kan plaasvind nie. Alhoewel die KABV stipuleer dat onderwysers nie noodwendig streng by die onderrigplan hoef te hou nie, is dit egter uit eie ervaring duidelik dat dit in die praktyk nie heeltemal so eenvoudig is nie.

Wanneer die Departement van Basiese Onderwys by ’n skool besoek aflê, wil hulle altyd bevestig of die onderwyser volgens die onderrigplan werk. Die onderwyser moet dan bewyse kan lewer dat hy/sy op die onderrigplan datums invul en temas afmerk soos hulle deur die jaar vorder. Dit plaas dus onnodige spanning en druk op die onderwyser wanneer die handboek nie met die onderrigplan ooreenstem nie.

Ten spyte daarvan dat die handboek nie aan die onderrigplan voldoen nie, bevat die handboek tog ’n hele paar goeie kenmerke. Die boek bevat baie goeie taalaktiwiteite wat goed geïntegreer aangebied word – die leerders hou byvoorbeeld ’n klasbespreking oor ’n sekere onderwerp soos draadjies vir tande. Dan lees hulle ’n inligtingteks wat handel oor die reëls waarby daar tydens die dra van draadjies gehou moet word en hulle beantwoord begripsvrae daaroor. Verder werk die leerders met die byvoeglike naamwoord en hulle kry dan opvolgvrae daaroor uit die teks “Reëls vir draadjies”.

Die temas wat in die modules voorkom, is gepas en aktueel, en verwys byvoorbeeld na algemene probleme waarmee tieners sukkel, soos om draadjies in hulle tande te moet kry of dalk aan depressie ly. Daar is ook temas oor globalisering en die groei van tegnologie – dit volg logies op mekaar. Daar is ook myns insiens ’n baie goeie tabel in die handboek by die vriendskaplike brief wat die leerders kan gebruik om seker te maak dat hulle brief se formaat korrek is. Nog ’n baie goeie kenmerk is dat daar agterin die handboek ’n taal- en letterkundegids is, met uitgebreide notas wat belangrike taalstrukture en -konvensies, sowel as letterkundige terme bevat.

Laastens het ek gevra watter aanbevelings gemaak kan word om die handboek te verbeter. Daar is definitief ’n paar aspekte in die handboek waarop daar verbeter kan word. Die uitleg en ontwerp kan aangepas word sodat die handboek nie so ongeorganiseerd en verwarrend voorkom nie. Die notas vir letterkunde en taal wat in die “In ’n neutedop”-blokke voorkom, kan van mekaar geskei word sodat daar makliker tussen die taal- en letterkunde-aantekeninge onderskei kan word.

Die “Pitkos”-aantekeninge wat die lees- en skryfprosesse verduidelik, kan meer gedetailleerde voorbeelde van die verskillende skryfstukke insluit. Verder sal ek voorstel dat daar woorde-skatblokke by elke leesstuk in die handboek bygevoeg moet word, wat die leerders met moeilike woorde wat in die tekste voorkom, kan help. Sodoende kan leerders hulle woordeskat in konteks uitbrei. Ongelukkig is die realiteit wat ek in die onderwys ervaar dat leerders al hoe minder dikwels aan lees in hulle ouerhuse blootgestel word. Dit beteken dat leerders oor ’n

gebreekte woordeskat beskikbaar en dat leerders al hoe minder woorde in die Afrikaanse taal ken en verstaan. Daarom is ek van mening dat woordeskatlyste in handboeke uiters belangrik is.

Die prente en tekste wat in die handboek voorkom, is redelik verouder; daarom sal ek ook aanbeveel dat meer relevante tekste ingesluit moet word. Die Departement van Onderwys het onlangs besluit dat meer aktiwiteite oor kritiese taalbewustheid in die kurrikulum ingesluit moet word; dus stel ek voor dat daar meer visuele tekste met kritiese taalbewustheidsvrae bygewerk word. Daar kan meer tekste ingesluit word wat Suid-Afrika se diverse werklikheid insluit. Die aktiwiteite in die boek kan ook hersien word om te verseker dat alle kognitiewe denkvlakke by die aktiwiteite ingesluit word.

My algehele indruk van die handboek is nie baie positief nie. Die handboek is ongeorganiseer en graad 8-leerders is veral soms nog baie onseker van hulleself – so 'n chaotiese handboek maak hulle net nóg onsekerder en verward.

Ek vind dit ietwat frustrerend en stresvol om met 'n handboek te werk wat nie met die onderrigplan ooreenstem nie. Die Departement van Basiese Onderwys kontroleer deur middel van besoeke van vakadviseurs en kringbestuurders baie streng of ek, as onderwyser, by die onderrigplan hou of nie. Indien ek nie daarby hou nie, word ek streng aangespreek en aan die departement se vereistes herinner.

Die onderwys is reeds stresvol genoeg en onderwysers se werkslading is hoog. Daarom is ek van mening dat dit onnodig is om nog verder te moet stres oor 'n handboek wat nie op standaard is nie. Dit maak ook lesbeplanning en klasvoorbereiding moeiliker, omdat inligting wat in die onderrigplan is, heeltyd in die handboek gesoek moet word en wanneer dit ontbreek, dit eers vir die leerders afgerol moet word. Dit kos nie net geld nie, maar soms moet daar gewag word vir papier om afgerol te word en dit breek die momentum en produktiwiteit in die klas.

## 6. Slotsom

Die hoofdoel van die studie waarvoor ek in dié artikel verslag lewer, was om te bepaal of die voorgeskrewe handboek aan die vereistes van die KABV en die jaarlikse onderrigplan voldoen sodat dit op standaard is en of dit tot effektiewe leer bydra. Die grootste probleem met skoolhandboeke is dat hulle meestal verouderd is. Dit is belangrik dat handboeke moet bybly met die nuutste tendense in die wêreld, sowel as met die nuutste tendense in Suid-Afrika se onderwysstelsel. In 'n ontwikkelende land soos Suid-Afrika, waar daar min hulpbronne is en fondse aan die onderwysbegroting grootliks te kort skiet, is dit moeilik om op 'n gereelde basis nuut-bygewerkte handboeke aan te koop. Hierdie studie kan uitgebrei word deur verdere navorsing te doen oor effektiewe en kostebesparende maniere om handboeke te vernuwe.

## Bibliografie

Adendorff, E. 2014. Taalverwerwing en Taalonderrig. In Carstens en Bosman (reds.) 2014.

Anker, J., A. Botha, J. Fouché, R. Gouws, J. Hugo, I. Jansen van Nieuwenhuizen en C. Janse van Rensburg. 2012. *Platinum Afrikaans Huistaal Graad 10 – Leerderboek*. Pretoria: Pearson.

- Aspers, P. en U. Corte. 2019. What is qualitative in qualitative research. *Qualitative Sociology*, 42:139–60.
- Bowen, G.A. 2009. Document analysis as a qualitative research method. *Qualitative Research Journal*, 9(2):27–40.
- Carstens, W.A.M. en N. Bosman. (reds.). 2014. *Kontemporêre Afrikaanse Taalkunde*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.
- Cloete, D. en A. Engelbrecht. 2013. Veranderinge kom en gaan, maar die essensies van taal-onderrig bly staan Die nuwe kurrikulum (NKABV). In Verryne (red.) 2013.
- De Beer, M., M. de Jager, A. du Toit, M. Gräbe, R. Taylor, J. Terblanche, R. van den Berg en W. van Rooyen. 2023. *Leesgids vir 'n gestruktureerde leesstrategie*. Pretoria: Afrikaanse Onderwysnetwerk en Skoleondersteuningsentrum.
- Departement van Basiese Onderwys. 2002a. *Nasionale Kurrikulumverklaring. Graad R–9*. Pretoria: Staatsdrukker.
- . 2002b. *Nasionale Kurrikulumverklaring. Graad 10–12*. Pretoria: Staatsdrukker.
- . 2011. *Nasionale Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV). Afrikaans Huistaal. Graad 7–9*. Pretoria: Staatsdrukker.
- . 2021. *Hersiene Jaarlikse onderrigplan 2021–2023: Graad 8 Huistaal: Kwartaal 1–4*. Pretoria: Staatsdrukker.
- Latti, M. en S. Gouws. 1992. *Die vier vaardighede: Metodiek vir primêre onderwysers*. Kaapstad: Maskew Miller Longman.
- Lawrence, D., M. le Cordeur, L. van der Merwe, C. van der Vyver en R. van Oort. 2014. *Afrikaansmetodiek deur 'n nuwe bril*. Kaapstad: Oxford University Press.
- Mulaudzi, D.L. 2016. Teachers' understanding of the communicative language teaching approach: The case of English language teachers in Thohoyandou. *Gender & Behaviour*, 14(2):7513–18.
- Nagalakshmi, M. en D.K. Girija Rajaram. 2016. Recent trends in communicative language teaching and its role in the Sultanate of Oman. *International Journal of Social Science and Humanities Research*, 4(1):571–76.
- Republiek van Suid-Afrika. 1996. Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996. Pretoria: Staatsdrukker.
- Scholtz, P.W. en M.E. Vorster. 2014. *Viva Afrikaans Huistaal Graad 10 Leerderboek*. Vivlia.
- Siedlecki, S.L. 2020. Understanding descriptive research designs and methods. *Clinical Nurse Specialist*, 34(1):8–12.
- Van Oort, R. 2012. Die Afrikaansonderwyser tussen drie kurrikula. Referaat aangebied by die Lenteseminaar vir Afrikaansonderwysers te Groenkloofkampus, Universiteit van Pretoria op 8 Oktober.
- . 2018. Kurrikulumontwerpbenadering van Suid-Afrikaanse skoolkurrikula: 'n Kritiese perspektief op die kurrikula vir Afrikaans (Huistaal). *LitNet Akademies*, 15(1):256–84.

Verrynne, J. (red.). 2013. *Vuvuzela – Afrikaans Taalonderrig wat nie geïgnoreer mag word nie*. Centurion: Mediakor.

Viljoen, H., R. Lamprecht, A. Ligthelm, M. Murray, M. van Tonder, N. Conradie en S. Plaatjies. 2013. *Piekfyn Afrikaans Graad 8 Huistaal – 'n geïntegreerde taalt eks*. Kaapstad: NB-Uitgewers.

## Eindnotas

<sup>1</sup> Burger, N. 2023. Kritiese ondersoek en resensie oor die handboek *Piekfyn Afrikaans vir Graad 10-Huistaal*. Honneurswerkstuk, Universiteit Stellenbosch

<sup>2</sup> Dit beteken nie noodwendig dat die handboeke altyd aan al die vereistes en voorskrifte voldoen om die KABV se doelwitte te bereik nie.

<sup>3</sup> Tydens formele en informele assesseringsgeleenthede moet voorsiening gemaak word vir vroeë of opdragte op vyf kognitiewe denkvlakke (DBO 2011:121).